



KLYN BEGIN—ANHOU WIN

DEEL I. No. 7.]

SEPTEMBER, 1896

[4s. PER JAAR.

INHOUD.

TWAALF FRAGE EN EEN ANTWOORD.—(Gedig).
KONINGIN VAN SKEBA.—X. Di Poorte fan di Gra-
kelders geopen.—XI. 'n Nig onder di Mhm-
mlis.

ONS SONNIGE AFRIKA.—(Gedig).

DI ROOSKNOPPI.—III. Donkere Wolke.

AFRIKA'S KLAGTE.—Antwoord hiirop.—(Gedig).

DI MOORD VAN MAGISTRAAT JACKSON EN FELD-
KORNET BEZUIDENHOUT.

DI BOER DE HUL ALMAL KOS.—(Gedig).

DIRE STORIJS.—(Bekroonde Prystrang).—1. Jakhals en Krap maak Resiis.—2. Di roete Meus-
gediirte.—3. Jakhals, Tiir en Bobbejan.

HOE DI ROOMSE KERK BESTUUR WOULD.
PRATJIS O'EE DI NATUUR.—Dag en Nag.

DI WATERLEMOEN.—(Gedig).

HOE WONDERLIJK ONS GEMAAK IS.—I. Di Bloeds-
omloop.

O'ER ONS TAAL EN TAALKONDE.—Di dankbare
Letter I.

HOE MYN OUPA EN OUMA GEFY HET

"'N BOEK IN 'N BALIE

RAATSELS.—Spraakpl.

GESKIEDTE MET ONS EIGENS.

M. Glassberg's
PHOTOGRAFISCHE ATELIERS
te **Paarl en Worcester**
Markt Plein. Russel Straat.

WAARBORGEN EERSTE KLASSE PORTRETTEN TEGEN ZEER DILLIGE

OUDE PORTRETTEN VERNIEUW EN VERGROOT TOT LEVENSGROOTTE.

SCHILDERIJLYSTEN

VAN EENIG FORMAAT WORDEN OP KORTE KENNISGEVING GEMAAKT.

SPECIALITEIT: VERGROOTTE PORTRETTEN.

ALLE WERK WORDT GEWAARBODHT EIGENHANDIG TE ZIJN.



Gedenkskool van di Hugenote,

IN DAL JOSAPHAT,

DIST. PAARL.

Hoofonderwyser	-	-	-	Ds. F. S. DU TOIT.
Assistent	-	-	-	D. J. BRINK, J.zn.
Musiik Onderwyser	-	-	-	ROCCO de VILLIERS.

YAKKE VAN ONDERWYS:

Uitleg van di Bybel, Bybel Geskidenis, Gereformeerde Kerkleer, en wat verder nodig is om di jeug klaar te maak ver di anneming as lede van ons Kerk, Hollans, Engels, Latyn, Grieks, Aardrykskunde, Syferkunde, Algebra, Meetkunde, Algemene Geskidenis, Kerkgeskidenis, Geskidenis van Suid Afrika en Engeland, Teken, Musiik op Klavier, Harmonium, Viool, ens., Sangkuns en onse Psalm en Gesang note, Skoolbestuur, ens., ens.

Di Gedenkskool is veral gestig is 'n *gedenktaken* om di nagedagtenis van di Hugenote Voorvaders in eer te hou by hulle afstammeling.

Al di *onderwys* daar is gevolgelik gegrond op di Bybel en Belydenis Skrifte van ons Kerk, as di fondament van alle degelike onderwys.

Di *doel* is om an onse Afrikaanse kinders 'n opvoeding te gé na hulle omstandighede en behoefte.

Di Kosleerlinge loseer by di onderwysers en staan onder hulle strikte toesig en sorg.

Di betaling is £30 per jaar alles ingeslote, skoolgeld, logies, was en stryk, ens.

Engels word gelyk op in di Gedenkskool geleer met Hollans.

Di kinders wat lus het om examens te maak, word voorberei ver di *Elementaire en Hoger Skool* Examens, ook ver di *Onderwysers Examen* en *admissi* ver di *Normaal Skool*.

Kinders wat na di Skool kom, moet by *Lady Grey Brug* Stasi afklim.

Verdere bisonderhede is verkrygbaar by di *HOOFONDERWYSER*, of by di *Sekretaris*,

Mnr. IZAK S. PEROLD, Dal Josaphat, Paarl.



KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL 1.]

ONS KLYNTJI, SEPTEMBER 1896.

[No. 7.]

Inhoud.

TWAALF FRAGE EN EEN ANTWOORD.—(Gedig) ...	121
KONINGIN VAN SKEBA.—X. Di Poorte fan di Grafkelders geopen.—XI. 'n Nag onder di Mummie ...	122
ONS SONNIGE AFRIKA.—(Gedig) ...	127
DI ROOSKNOPPI.—III. Donkere Wolke ...	128
AFRIKA'S KLAGTE.—Antwoord hierop.—(Gedig) ...	133
DI MOORD FAN MAGISTRAAT JACKSON EN FELDKORNET BEZUIDENHOUT. ...	134
DI BOER GE HUL ALMAL KOS.—(Gedig) ...	135
DIRE STORIJS.—(Bekreonde Prysfragk).—1. Jakhals en Krap maak Resiis.—2. Di r. gte Menagedierte. —3. Jakhals, Tiir en Bobbejaan ...	135
HOE DI BOOMSE KERK BESTUUR WORD ...	137
PRATJIS O'ER DI NATUUR.—Dag en Nag ...	138
DI WATERLEMOEN.—(Gedig) ...	139
HOE WONDERLIK ONS GEMAAK IS.—I. Di Bloedsomloop ...	140
O'ER ONS TAAL EN TAALKUNDE.—Di dankbare Letter I ...	141
HOE MYN OUPA EN OUMA GEFRY HET ...	141
"N BOER IN 'N BALI" ...	142
RAAISLS.—Skaakspel ...	143

Twaalf Frage en een Antwoord.

Wi moet al maand' di land deurkruis,
Wi word gehoor fan huis tot huis,
En hoort daaraan oek regtig tuis ?—*Ons Klyntji.*

Wi moet fan maand tot maand op rys,
Deur reen en wind tot elke prys,
Met nuttige leer en onderwys ?—*Ons Klyntji.*

Wi neem beryd op hom di taak ;
Wi ywer fir ons beste saak ;
En doen dit oek met grote smaak ?—*Ons Klyntji.*

Wi fliig di hële Boland deur ;
Stel d' Onderfeld oek ni te leir ;
Geef leesstof fan di beste keur ?—*Ons Klyntji.*

Wi praat so lekker alles kaal,
Fan Tafel-baai tot in Transvaal,
Alles in d' Afrikaanse taal ?—*Ons Klyntji.*

Wi het fan Skebas Koningin,
'n Stori, O so fraai, begin,
So na ons smaak, so na ons sin ?—*Ons Klyntji.*

Wi sing ons fersiis met pelsiir ;
Fertel fan Jakhals Wolf en Tiir ;
Fan Boesmans langs di Grootrifir ?—*Ons Klyntji.*

Wi praat fan Son wat skyn by dag ;
Fan Maan en Sterre by di nag ;
Plannect, Komeet in hulle prag ?—*Ons Klyntji.*

Wi gé di raaisels na ons smaak,
Tot ons pelsiir, tot ons fermaak,
En an di end 'n bord fol skaak ?—*Ons Klyntji.*

Wi het, in kort, in syn inhoud,
Ferborge as 'n skat fan goud,
Om uit te put fir jong en oud ?—*Ons Klyntji.*

Wi, moet di lesers ag en eer,
Behulpsaam wees en oek waardeer,
Te alle tyde assisteer,
Betrag di spreuk mar : "Leer om leer ?"—*Ons Klyntji.*

Wi, moet ons ferder staan ter sy,
En help met woord en daad* (geld) daarby,
Opdat hy in di léwe bly,
Tot hyl fan land en folk alby ?—*Ons Klyntji.*

C. A. ENGELA.

Klerksdorp, Z. A. R. Aug. 1896.

DI AFRIKAANSE ALMANAK ver 1896 bevat 'n grote verscheidenheid nuttige leesstof en opgawe, burgerlik van di h. l. Suid Afrika, en al di Hollanse kerke, en dan oek vyf portrette nam. di Kaapse Parlementshuis, Pres. Reitz, Pres. Kruger Sir H. Robinson, di W. onhuis op di Gedenkskool Plaas. Dit alles ver 9d. stuk; dis spotkoop.—D. F. du Toit & Co. Bepark, Drukkers en Uitgewers, Paarl.

* 'n Mens kan lees soos hy wil.

Di Koningin fan Skeba,

OF

SALOMO SYN OUE GOUDFELDE IN SAMBESIA.

[HISTORISE ROMAN DEUR DS. S. J. DU TOIT.]

VERKORTE INHOUD.—Langs di Aandfuur by di wa langs Simbabwe kom di Towerdokter Umsalomi, wat deur di Kaptyn Umgabe "uitgeruik" is, flugtende fer syn lêwe. Ons belowe hom beskerming, as hy ons di gehyme van di oue rewines fertel en alles gaan wys. Hy fertel ons hulle o'erlewerings fan di Witte Koningin, wat froe'er hiir geregeer het, en nou nog onder di Kop woon, en al jare oestyd met folle maan fer hulle kom segen, as hulle in di grot onder di berg fer haar en haar jong nois 'n bok slag en biir breng.

Met drang en drygemente beweeg ons hom om fer ons di plek te gaan wys. Hy bring ons by di ingang en met grote moeite skuive ons di grote klip weg, en find werkelik di grot met geraantes en biirpotte. Op ferdere drang bring hy ons ferder met 'n onderaardse gang tot onder di grote ronde gebou, waar 'n menigte fertrekke onder di grond is, en in 'n fersegelde kamer onder di gehymsinnige toren kry ons 'n graniit-kis, met 'n goue offerbak, 3 goue y'ers, 3 goue falli, en 'n goue koker, met 'n perkament rol daarin, waarop oue Hebreuse letters staan, en wat ons alleen méneem. Toen ons terugkom was di grote klip weer op di uitgang en ons kon dit onmolik ni ope kry ni.

Tot o'ermaat fan smart was ons kërse amper op. Gelukkig besorg Umsalomi ons 'n lamp. Ons gaan met di regterhandse gang onder di Kop in deur 'n onderaardse riviir. Kry nog 2 grotte met geraantes en verroeste wapens, en 'n yster kissi met 'n halfvermufte papius-rol. Met 'n style gang op, wat opgestop was fan los klippers, wat ons moes wegrol, kom ons yndelik tussen rewines en braud netel-bosse uit. Na 'n bitji slaap siin ons di follende oggend hoe di Kaffers di grot toegemaak en di vé daaro'er geja het. Ons wyger om Umsalomi af te gé an syn kaptyn en gaan samen met Mr. Fry di kop besoek. Di aand gaan ek met Eerw. Louw same om di nag in syn studeerkamer te perbeer di rol te sayfer.

Met baing moeite di Rol ontsyfer. Dis fan Salomo syn gehymskrywer Elihoref, wat oek prins gemaak was fan di Koningin fan Skeba, en wat daarin fermeld, dat hy di geskiedenis fan de Koninkryk beskrywe het, en dat di b skrywing bewaar is onder di berg Afoer, fêr in di noordweste. same met di lyke fan di Koninginne fan di Koninkryk en met grote skatte. Henni laat fer Umsalomi dolosse goi, en hy sê ons moet by di Molimo, in di Motoppo berge, gaan ferneem waar di berg is, want ons kan dit ni anders uitfinde ni. Op ons terugrys ferneem ons op di Selukwe goudfelde di pad na di Molimo toe. Daar moes ons eers na di Kaptyn en toen na 'n towerheke, wat fer ons sê hoe ons moet maak om di Molimo te fra, en fan wi ons 'n goue halsband ruil, wat na 'n oue Egiptiese amulet lyk.

Di Molimo sê: Ons moet terug na Tati; fandaar sal 2 Boesmans ons di pad wys na di berg Afoer en hy be'dui ons waar di ingang is. Mar daarna luiuster ons hulle di nag af by di grot en hoor hulle ferraad teen ons.

Ons gaan nou terug o'er Buluwayo na Tati, waar ons 2 Boesman-Kaffers kry fer padwysers, nadat ons fer ons toegerus het fer 'n lange en ferre rys. Di Boesmans ly ons di onbekende Boswêreld in, noordwestlik fandaar, op

2 dowwe waspore, en laat fer ons hopeeloos fas ry tussen bosse en rante. Hulle wou toen di nag weg dros en Umsalomi same, mar ons betrap hulle en maak hulle fas. Toen ly hulle ons tot by 'n droge riffir, naby 'n hoge kop. By di riffir moes hulle egter omdraai, follens di geloof en di o'erlewerings fan di Boesmans angaande de Rifir en di Berg fan di Dood, wat hulle ons fertel. Ons ry tot by di kop, wat 'n natuurlike, hoewel ronde piramide is. Di luggat reg bo in en 'n waterfyer an di foet is di enige sigbare spore fan froegere mensewerk.

X—DI POORTE FAN DI GRAFKELDERS GEOPEN.

Geselsery by di Aand-fuur.—'n Sware Dagwerk.—

Was di Klipdeur al froeger geopen ?—Stiklug.—Fuur foer in di op.ning.—Rook trek bo ut.

DIT was al son-onder toen Henni en Klaas en Umsalomi met di osse kom. Neef Hendrik en ek het intussen hout angebreng en fuur gemaak en ons aand-ête klaar gemaak. Neef Gideon was oek beter. En na ons ge'et het steek ons, folleps gewoonte, ons pype an, en sit lekker te gesels.

"Henni, siin jy nou? Jy het mos gesê, jy glo niks wat di Rol en di Kaffer fertel ni. En nou het ons tog di berg gekry wat di Rol fan praat, en daar is di kliprant en di boom en alles nes di Molimo fer ons fertel het. En kyk, di Boesmans hulle skelmstuk het oek uitgekom,"—merk Neef Hendrik an.

"En wi sê dan fer Oom Hendrik dat dit nou juis di regte berg is? Daar is baing sulke koppe in di bosfeld. Ek wil nog eers siin waar di koninginne hulle lyke is en waar di skatte begrawe is foer ek sal glo"—was Henni syn antwoord.

"A, né, Henni, jy moet ni so praat ni," sê Neef Gideon. "Jy sal nog hard moet grawe foer ons di spul ope het. En wi weet hoe spook di oue mense nog straks by ons, as ons hulle grafte ope maak"—merk Neef Gideon spottend an.

"Né wat, daarfoer is ek ni bang ni. Mar ek sal my tog ni gaan boeglam grawe an di klippers ni. Ons kan straks di hêle berg deurgrawe, en dan kry ons nog niks." So bly Henni mar ongelowig.

"Mar kyk, Henni, hoe kan jy so sê?" fal ek toen in. "Kyk, Neef Hendrik en ek het bo op di kop 'n luggat gekry, wat di oue mense gemaak het fer di onderaardse grafkelders; en daar het ons di fywer gekry, wat hulle gemaak het fer water. Jy sê nou, daar is baing sulke koppe. Mar het jy al ooit in di bosfeld so 'n fywer gekry, wat in di klip uitgekup is?"

"Né, mar raai, Oom Gideon, di ding is daarom regtig snaaks. Hiir moet daarom fanelêwe mense geweest het. En dit was baing werk om di gat so uit te kap in di klip. Ek weet regtig ni hoe hulle dit reg gekry het ni. Hulle het mos in di dage nog ni kruit of dinamit gehad om di klippe te laat spring ni." Hiiruit blyk, dat Henni al begin genees te worde fan syn ongelowighyd.

"Kyk, Henni, ek het mos al by di oue myne fer julle gesê, di oue mense het ni sulke goeie werktuige gehad soos ons ni, mar hulle het daarom met fuur gewerk. Daarom is oral onder in di oue myne houts-kool. Hulle het fuur gemaak op di harde kwarts, en as dit warm is, dan skilik koue water daar op gegoi. Dan bars di kwarts en splinter af. En daarom het hulle ook net di myne bewerk tot op di water-opper-flakte. Toen kon hulle ni meer met di fuur werk ni, en toen het hulle opgehou. En molik het hulle hiir ook so gewerk. Want jy weet graniit kan jy baing mooi so laat afskilfer. Kyk, di graniit wat hulle Sim-babwe mé gebou het, di het hulle blykbaar ook so met lage laat afskilfer met fuur en water,"—was myn opmerking.

"Mar hoekom sou di oue mense dan so fêr hiir in di eensame woeste wêreld hulle lyke kom begrawe hê?"—was Henni syn vraag.

"A, Henni, di oue mense het baing meer werk gemaak fan hulle dode as ons. Kyk, jy lees mos in di bybel hoe hulle oue fader Jakob syn lyk gebalsem en uit Egipte na Kanaän toe gebring het, om dit in di famili grafkelder fan di Aartsfaders by Mamre te begrawe. En in Egipte het ek self gesiën hoe hulle by Sakkara en andere plekke in di eensame woestyn onderaardse tempels en grafkelders uitgegrawe het, waar hulle fandag nog di gebalsemde lyke (*mummies* noem hulle dit) in grote stene kiste kry. En dan is di eensame "berg fan di dood," soos di Boesmans dit noem, net 'n geskikte plek daarvoor. En dan het hulle seker ni al hulle dode hiir begrawe ni, mar net di Koninginne soos di Rol sê." So wou ek Henni inly.

"Ja, julle kan alles glo wat in di oue rol staan, mar ek glo ni foor ek ni met myn oge gesiën het ni." So kom Henni syn ongeloof weer bo.

"Nou ja, ons sal dan mar nou gaan slaap. Dan is Henni morre oggend uitgerus om fluks te kan grawe, totdat hy met syn oge kan siin."—Daarmé maak Neef Gideon 'n end an di gesprek. Ons besluit toen nog net, dat ons di wa mar sal laat bly hiir by di plek waar ons wil grawe, en Klaas kan mar bedags as hy en Salomi di osse gaan water gé, meteen fer ons water mebring.

Di oggend was almal op toen dit lig word, en nadat ons koffi gedrink en 'n stukki ge'eet het, is di grawe en pikki uit, en ons is na di bos tussen di 2 grote klippe toe, soos di Molimo fer ons bedui het. Almal was mar nuwsgirig om te weet of daar nou regtig 'n ingang is of ni. Di bos en klippe is mar naby di foet van di berg, en digteby di wa, en toen di son opkom was ons al kliphard an di werk, batjiis uit, hoe-wel gen mens daar 'n ingang sou gaan soek hê as ons ni di anwysing had ni.

Ons begin 'n end onderkant di boom, want di Molimo het mos gesê: di boom syn wortels bedek di ingang. Di een rol di los klippe weg. Di ander het di pik, om los te kap. Di derde het di graaf, om di los grond weg te goi. En dit forder net fluks. Nader-

hand skré ons Klaas moet di byl bring, want ons moes begin wortels weg kap.

Eer dit reg middag was kom ons op 'n grote platte klip, wat skuins staan. Mar ons bemerk dat ons an een kant nog di wal wi weet hoe fêr moes weg grawe foor ons di minste kans het om di klip te bewege. Daarom gaan ons toen mar eers 'n stukki eet, wat Henni fooraf gaan klaar maak het.

Toen ons nog 'n end fan di wa af kom, skré Neef Gideon al: "Henni, jong, ons het di klip-deur al gekry."

"Ag, Oom Gideon speul al weer," was Henni syn antwoord.

"Nê, regtig, net so'n klip-deur soos di 2 wat ons in Simbabwe ouder di toren gekry het. Ons moet mar net gou eet, en dan moet ons almal same met alle krag perbeer om di klip-deur weg te kry. Foor son-ouder moet di grafkelders ope wees, en Henni moet fannaand daarin gaan slaap, want hy sê mos hy is ni bang fer spoke ni"—sê Neef Gideon, half ernstig, half spottend.

Mar ja wel. Ons het di hêle agtermiddag net hard gewerk en di aand had ons di klip nog ni weg ni. Want hoe meer ons weg grawe, hoe meer ons uitvind hoe groot di klip is. Henni had al enige male di graaf neer gegoi en gesê: hy sal ni so gek wees om fer hom dood te werk om di tamaai klippe uit te grawe ni. En werkelik begin ons ook al in di stilte te frees, dat ons ni in staat sal wees om di klip te ferroer ni, wat sal sê weg te kry fan syn plek af.

Boeg lam hou ons di aand op, en ons had lank ni so feul storiis by di fuur as di forige aand ni. Tog was ons plan ni om di saak op te gé foor ons alle middels perbeer het ni.

Di follende oggend herfat ons di werk met nuwe moed. Ons begin toen wat bre'er en dipër fan onder af di grond en los klippers weg te werk. By di oop maak word dit ons al duideliker, dat dit ni somar 'n gewone klip in syn natuurlike posisi is ni. En toen ons di kant wat nog in di wal eenkant was ope het, toen merk ons al dat daar 'n opening fan omtrent 'n half-foet breed was. En toen ons di hele klip mooi fan buite ope gegrawe het, kon ons duidelik siën dat dit 'n klip-deur foor 'n opening is; mar dit blyk ook duidelik, dat di klip ni so sekuur in di natuurlike rots in geset is ni as di klip-deure wat ons by Simbabwe gesiën het. En myn eerste opmerking was: "As dit di opening is, dan frees ek dat dit al froeger ope gemaak is foor ons, deur mense wat ni geweet het om dit wêr so sekuur toe te maak ni.

"Mar wi sal hiir in di woeste wêreld dit kan ope gemaak hê? En kijk di tamaai boom wat dan al o'er di klip gegroei het"—sê Henni al weer éwe ongelo-wig.

"Ja, mar, Henni, jy moet ook denk dis al amper 3 duisend jare dat di laaste Koningin fan Skeba hiir begrawe is. En di nasiis wat toen hiir in di land ge-woon het kan dit maklik na tyd di kom ope maak hê, om di skatte, wat met di Konninginne same begrawe is

uit te haal. En na di tyd kon dit weer so toegefal hê en di boom haar gegroei hê. Het jy dan ni gesien di oue bome in di oue myne en in di geboue by Simbabwe ni? —merk Neef Gidoen an.

Mar di grote vraag was nou: Hoe sal ons di klip weg kry? Dit staan skuins teen 'n faste rots an, bo l-g dit fas teen di rots en onder is dit sowat 'n voet fan di rots af. Neef Hendrik syn plan was ons moet nog dipper grawe en laat di klip sak. Mar toen ons dit wou perbeer merk ons dat dit onder oek rus of 'n faste rots; sodat dit amper lyk of di oue mense di rots foor soingewer; het, om di klipdeur mooi fas daarin te kan fersegel. En di wat dit later ope gemaak het kon dit ni weer so kry ni. Di klipdeur was omtrent 5 voet breed en amper 7 voet hoog. En by di opening weerskante onder kon ons duidelik siin dat daar agter 'n ingang, of in elke gefal 'n holte moet wees.

Ons begin toen al te denk om di klipdeur met dinamiet te laat stukkend skiet of eenkant 'n gat te laat inspring. Mar ons laat eers di koefoet haal bij di wa, en met ferenigde kragte kon ons tog di klip so effe beweeg. So sly ons dit eers di een kant, dan weer di anderkant onder al meer weg. Naderhand neem ons di klyne domkrag wat ons gebruik om di wa te smeer, en set di in di opening, en wen dit op, sodat ons di klip onder al ferder en ferder weg skuiwe.

Naderhand sê Neef Hendrik, ons kan nou mar gerus fer Klaas roep en fer hom 'n kers gé om in te kruip een kant langs di klip. Mar ek had weer frees dat di lug wat so lank toegesluit was ferpestend kon wees, en wou dit ni waag ni. Ons skuiwe di klip toen eers onder weg so fêr as di domkraggi syn draad toe laat. En toen was daar gen ander raad ni, as 'n grote skoot dinamiet onder di onderpunt fan di klip te sit, en met 'n lange lont an brand te steek. Di dinamiet ruk toen di een helfte fan di klip skuinsweg af, en so sak di klip eenkant toe weg. Toen kon ons di ingang goed siin en toen kon 'n mens oek al goed in.

Ons laat toen kêrse haal, om te kyk of di lug ni ferstikkend is ni. Want as di kêrs goed brand, dan kan 'n mens gerus ingaan; mar as di kêrs dood gaan, dan moet jy oek mar daar uit bly. En Neef Hendrik sê toen hy sal perbeer. Maar hy was net pas in of di kêrs gaan dood.

Ons besluit toen om nog 'n skoot dinamiet te neem en di klip heeltemal weg te neem. Toen maak ons 'n fuur foor in di gat. En dit was snaaks om te siin. Eers 'n ruk kom di rook na forentoe, mar daarna trek di rook reg di gat in.

Myn enigste ferkларing haar foor was: dat di gat wat Neef Hendrik en ek bo op di berg gesien het in betrekking staan tot di onderaardse grotte en di ingang. Solank as di ingang dus toe was, was daar gen deurtog ni en het di lug dus daarin gebly. Mar nou di ingang ope gemaak is en ons fuur maak in di ingang, nou begin di warm lug op te styg en so kom daar 'n trekking fan lug deur di gate bo by di gat uit.

Dit was tog ni gewaag om dadelik in di gate in te gaan ni, en dit was al omtrent 4 uur. Daarom

besluit ons dat Neef Hendrik en Henni bo op di kop sal gaan kyk of daar rook by di opening uit kom, terwyl ons onder anhou om fuur en rook te maak by di ingang. En as daar oek uitkom moet hulle 'n skoot skiet.

Na omtrent 'n uur hoor ons oek 'n skoot. Mar ons hou daarom mar an met fuur maak tot hu'le terug koms. Want dis di beste om 'n deurstroming fan frisse lug te beforder en so di ongesonde lug uit te kry.

Dis nou al son onder. Ons gaan toen na di wa, om 'n stukki te eet. En by ons aand-gesprek besluit ons om mar nou di kêrse te neem en te gaan kyk hoe dit daar onder di berg lyk. Want nou sal di rook en bedompige lug al wel uit wees.

Mar ons befindings en ontdekkings fan di nag kan ons eers in di follende hoofstuk fertel.

XI. 'N NAG ONDER DI MUMMIIS.

Fers afgedaal na di Afgrond-Kamer, toen terug en op deur di 10 Kamers waar di gebalsemde Koninginne rus. —Opsy 2 Kamers met gebalsemde Priïsteresse. —Muer-skilderinge fan Bose Geeste in di Afgronds-Kamer, fan offer feeste by di Priïsteresse, fan goudgrawery, Sé-ryse, Landryse, ens. in di Koninginne Kamers. —In di hoogste Kamer di Mummi fan di Koningin fan Skeba gekry met 3 grote Perkamentrolle. —Plan fan ferdere Ferhaal.

SOOS ons reeds gesê het, loop di kop spitsop, kompleet nes 'n natuurlike piramide, net mar dis rond en ni viirkantig ni. Daar ons tog met kêrse moes ingaan dog ons dis net so goed by nag as by dag, want in di ingewande fan di berg fan di dood is dit tog mar altyd nag. Ons fersiin ons dus goed fan kêrse en gaan nou kyk waarnatoe di ingang ly en wat daar binnē in di gehymsinnige berg is. Fan ons blanke wou gen een agter bly ni, so laat ons net mar fer Klaas en Umsalomi by di wa, en ons klim di kop op tot by di ingang.

Omdat di luggat en di rook bo uitgekom het was ons ferwagting dat ons sou moet opklim binne in di berg nes in di fersterkte kop by Simbabwe. Mar dis net andersom. By di ingang moes ons eers 'n trappi fan 'n paar voet hoog opklim, mar daarfandaan af loop 'n gang fan omtrent 6 voet hoog en 4 voet breed skuins afdraand af na onder toe.

Ons merk dadelik op dat di kop bestaan uit diselfde soort fan sagte seepsteen, waarvan di fo'els en falli en andere dinge gemaak is by Simbabwe. Dis 'n sagte fetterige soort fan klip, maklik om te bewerk en dit laat gen water deur ni. Dit was waarskynlik een fandi edes waarom di oue mense juis di kop gekiis bet, en oek waarom di kop gen water het ni, as net by een punt onderan syn voet, waar dit ni gr. niit bestaan, en waar ons di oue fywer gekry het.

Toen ons omtrent 'n 50 tré met di afdraand geloopt het, draai daar 'n gang regs weg, toen ons daar in kyk merk ons dat 'n weer skuins op loop, omtrent net so styl soos di andere af loop. Ek kon ni help om te denk an di grote piramide (fan Geops) in Egipte ni, wat oek omtrent so ingaan.

Ons moes nou kiis of ons di gang na onder ferder sou folg of di wat opgaan na bo. Ons besluit om mar reguit te gaan eers na onder toe om te siin waar di gang natoe wil gaan. Mar hiir fandaan af is di gang mar 5 foet hoog, sodat ons gebukkend moes loop. Nadat ons nog ruim 'n honderd tré ferder geloopt het bly Henni skilik staan en sê: "Né, wat bog! ek gaan ni ferder ni! Dit lyk fer my of di gang ons in di afgrond in ly, waar ons nooit weer uit kom ni."

"A, Henni, hoe word jy dan so gou bang?" sê Neef Gidecn. "En jy moet dan nog fannag alleen hiir onder in slaap."

"Wi, ek? So nooit! Al betaal julle my oek wat, mar hiirin bly ek nooit. Dis hiir akeliger as in 'n grafkelder. Né, kom, ons draai om!"

Henni wou opsluit omdraai. En ek het oek al begin lus te kry om mar liwers eers di andere gang na bo toe te neem, omdat di lug, hoe meer ons afdaal al bedompiger worde, en ons kêrse al slegte begin te brand. Dit laat my bedug worde fer onsuivere lug as ons nog lager af gaan, terwyl ek weet dat daar 'n deurtog fan lug na bo is, soos ons uit di rook gesiin het. Ons hou toen 'n rukki raad. Mar ons besluit was om mar nog 'n end ferder af te daal om te kyk waar di gang na toe ly. En toen Henni siin dat ons almal forentoe dwing, was hy te bang om alleen terug te draai, en al pruttelende gaan hy oek mar ferder same.

Nadat ons nog 'n end geloopt het kom ons in 'n tamelik grote kamer, mar laag en onregelmattig, feral di bodem of floer is heeltemaal hobbelagtig en ongelijk, terwyl di symure glad is, oek amper net soos in di grote piramide. En op di mure is enige lelke wangedroge afgeteken, wat baing na bese geeste gelyk. Mar ons het hiir ni te lank fersuim ni, fereers omdat di lug erg bedompig was en ferder omdat ons plan was om nou mar eers deur te loop so fêr as ons kan en 'n algemeene oersig te neem, om dan later noukeuriger alles na te gaan.

Foor ons omdraai sê Henni, toen ons di ruwe, akeilige afbeeldings langs di mure bekyk: "Né, kom, laat ons loop! Hiir woon di duiwel!" En ons het almal oek mar 'n bitji so gevoel, meer of ons in di afgrond is as op di aarde.

Toen terug tot waar di andere gang uitdraai en daarmé toen weer skuins op na bo entoe. Ons foel toen dat ons weer in di farse lug kom. Werelklik kon ons toen merk, dat daar 'n koele lugstroom fan di opening by di ingang af met di opgaande gang deurtrek, wat weer 6 foet hoog is, sodat ons orend kon loop.

Ons het ni te fêr met di opdraan le gang geloopt ni of ons kom in 'n grote kamer glad en netjijis afgewerk an alle kante en bo weerskante skuins toelopende. Di floer is oek mooi glad. Daar di klippe op di floer en an di kante wel glad en gelyk loop, mar onregelmattig fan form is, lyk dit of hulle di gange en kamers gedeeltelik uitgekapt het, en gedeeltelik ingemessel.

In di middel fan di kamer is 3 sarkofage, of doodkiste fan diselfde seepklip, met klipdeksels op. Ons lig een fan di deksels op en siin, ja, daar lê 'n mummi of eersteende lyk in. An di mure rondom is 'n hele party afbeeldings (hierogliffe?), een daarfán lyk amper nes di fersterkte kop by Simbabwe. Party fan di afbeeldings lyk amper of dit 'n rys andui. Mar daar is 'n paar skippe, wat wys op 'n *sérys*, en dan weer Olifante en Kamele wat 'n *landrys* foorstel. Mar fan goudgrawery is hiir gen afbeelding ni. Oek siin ons hiir niks fan waarde in di doodkiste by di Mummiis ni, wat ons fersterk in di mening dat di plek froeger ope gemaak en di kosbare dinge uitgehaal is. Mar soos ons gesê het, ons plan was nou nog ni 'n noukeurige ondersoek ni, net mar 'n algemene oersig. Daarom het ons ni lank hiir fersuim ni. Want ons had dadelik gesiin dat di gang an di andere kant fan di kamer weer uitgaan, waarmé ons nou ferder op gaan.

Nadat ons weer 'n goeie end, sê omtrent 'n honderd tré, geloopt het, kom ons in 'n fertrek, ruim so groot as di forige, of molik nog groter; want ons het gen meetlyn mégeneem ni, en ons plan was oek ni, om di slag noukeurige mate te neem ni. Hiir is oek 3 sténe kiste, met sténe deksels op en gebalsemd lyke in, nes di forige, mar di kiste het meer fersierings buitekant op gegrafeer, nes di Egiptise en Fenisise, mar ni so fyn ni; en di mure is oek weer fol afbeeldings, een daarfán lyk nes 'n party boesmans wat langs 'n rifir sit goudkwaarts te fermal op di klippe. Mar di tekeninge is oek mar grof.


Waarnatou nou? Want uit di kamer gaan nou 3 ferdere gange behalwe di wat ons ingekom het. In di teeno'ergestelde rigting fan wat ons mé ingekom het gaan weer di gang ferder skuins op, en dwars na weerskante toe loop 2 gange waterpas uit. Ons besluit toen om eers di twee dwarsgange te folg, om te kyk waar hulle natoe gaan, foor ons ferder op gaan.

Mar soos ons met di sygange uit di lugstroom gaan wat met di opgaande gang na bo trek, merk ons dat di lug weer bedompiger worde. Di 2 sykammers is net so groot as di andere, mar agtertoe in gaan hulle nog elkeen met 2 punte in, en rondom langs di mure is sténe kiste, somar in di kante uitgekapt, omtrent soos 'n krip, en daarom elke kis met 'n klip deksel op en 'n mummi in. Mar di mummiis is anders toegedraai as di andere. Dan het ons in di haas enige kiste ope gemaak en daarin gekry diselfde fo'els en *falli* as by Simbabwe gekry is, oek fan seepsteen gemaak en eenige erde en koper bakke, wat lyk na di wirockfate of offerbakke, oek soos by Simbabwe ontdek is. Dit, en di afbeeldings langs di mure, wat offerplegtighede en godsdiinstige optogte en di aanbidding fan di op-

gaande son foorstel, bring ons op di gedagte dat di 2 sykamers di lyke fan di priistesse befat, terwyl di kamers an di opgaande gang di mummis fan di koninginne bewaar.

Mar foor ons di lesers ferder ly op ons eerste rondgang di nag, wil ons 'n sketskaart gé hoe di gange loop en hoe di kamers gelege is binne in di kop, want anders frees ons dat di beskrywing ni fer hulle so duidelik sal wees as ons dit wens ni, en dat hulle by di

eerste lees net so in di war sal foel soos ons by di eerste deurloop di nag. Ons het gen onderaardse meetkunde geleer ni en had oek ni di benodigde instrumente om 'n suiwere sketskaart follens 'n skaal te maak ni. Mar ons had 'n kompas, 'n waterpas, en di meetlyn waarmé ons later di héle binnewerk fan di kop so noukeurig as ons kon opgemeet en bepaal het, soos ons dit nou hiir gé.



Di leser siin dus, ons is by di ingang (c) ingegaan en met di gang skuins af tot in di afgrond-kamer (x). Daarfandaan af is ons terug en tren met di andere gang skuins op na di kamer 1, en fandaar na kamer 2, en fandaar na di sykamers a en b. An di buitekant d is di fywer wat ons di forige dag gekry het, met di graniit formasi rondom met stippels angewys.

Ons is dus gebly in kamer 2. Daar wou Henni alweer omdraai. "Kom, ons gaan slaap," sê hy, "ek

is moeg. Di héle dag het ons fer ons boeg lam gegrawe om di klipdeur ope te kry, en nou nog di liwe nag hiir in di gate tussen di dooi mense rondloop! Ons kan mos morre weer ferder kom kyk."

"Ag né, Henni, jy is net bang fer spoke. Eers het jy so groot gepraat en nou siin ons jy is bang om ferder te gaan." So plaag Neef Gideon fer hom.

"Né, wat wou ek bang wees," sê Henni, "ek is mar net moeg. Mar as julle wil ferder gaan, goed, ek gaan

same." En so gaan ons toen met di gang op tot by kamer 3. Hi is oek mar omtrent net soos 1 en 2; daar is oek 3 sarkofage (sténe kiste) met mummiis in en skilderinge op di mure. Een fan di afbeeldings is blykbaar di grote ronde gebou fan simbahwe, en al di andere tonele slinger sig om di middelpunt. Daar siin jy karafane met kaméle en andere lasdire ankom en weggaan; goudsmits an di werk, ens.

Mar ons maak nou ni meer di kiste eens ope ni; want di klipdeksels is mar swaar en ons wou mar eers di end siin, om dan later alles noukeurig te kom ondersoek. Hiir siin ons oek 'n noue gang na buite skuinsop uitgaan, wat lyk of ditfroeger fer 'n lug kanaal gediin het, mar later fan buite denkelik toegefal het.

Ons gaan nou ferder deur, soos di leser ons pad ferder kan folg, altyd skuins op, na kamer 4 tot 10. In elkeen is 3 sténe kiste met gebalsemde lyke en afbeeldings op di mure. Di fersirings op di kiste word al fyner en di afbeeldings oek. Ons kyk toen mar net of ons onder di afbeeldings iits kan siin wat di léwe fan di Koningin fan Skeba foorstel.

Mar eers di 10de kamer kon ons siin dat dit di laaste was. Want daaruit gaan nou di lugkanaal reg op bo-uit, wat ons bo op di kop gekry het, en waar fan tyd tot tyd heel wat losse klippe fan bo af ingefal het. Hiir staan mar twé sténe kiste in, en di staan ni soos di andere in di middel fan di kamers ni, mar weerskaante digteby di mure. Een fan di kiste was di mooiste uitgewerk fan almal wat ons nog gesiin het; sodat Henni dadelik sê: "Daarin is seker di Koningin fan Skeba."

Di afbeeldsels op di mure laat ons oek denk dat sy in di kamer rus; want di muurskilderinge beel blykbaar, nes in Egipte, di léwe fan so'n koning of koningin af. Hoewel al di mummiis wat ons ope gemaak het, en al di afbeeldings sôfer lyk fer ons almal na koninginne.

Hiir in di laaste kamer is duidelik afgebeel 'n sérus met skippe en 'n landsrys met kaméle en olifante. Een afbeelding fertoont di intog fan so'n karafaan in Egipte, met di 3 piramide fan Gisê en di Sfinks op di agtergrond en 'n deftige érestoet wat di besoekers kom inhaal. 'n Ander stel foor 'n intog in Jerusalem, wat so kenbaar is op elke skildery, met Sion en di palys foorop en Moria met di tempel op di agtergrond. 'n Ander stel blykbaar foor di ontfangs fan di koningin by Salomo, wat in prag en weelde di koningin ontfang. Weer 'n ander fertoont twé frouens, blykbaar di Koningin en een fan Salomo syn Koninginne, terwyl di een fer di ander 'n halsband wys of anbiid, persiis soos di wat ons by di ou towerheks gekry het.

Ons hoofdoel was om di oue gedenkskrifte fan Eliahoref te kry. Ons maak toen di sténe kis ope wat di mooiste uitgewerk was. Ons sê toen Henni moet di gebalsemde lyk daar nithaal, want ons wil kyk wat in di kis is. Mar daartoe kon ons Henni ni kry ni. "Né, al betaal julle my oek wat, mar ek fat ni an di dooie mense ni."

Ons merk al dadelik dat onder di mummi haar hoof

'n ronde ding is, nes 'n sofa-kussing. Neef Hendrik lig toen di mummi op en ek haal dit uit, waarby ek merk dat dit net swaar is. En met di oplig siin ons dat onder di mnmimi 'n holte in di kis is, en daaruit haal ons nog 2 net sulke ronde dinge. Ons set di mummi toen weer reg, om nou di kussings of wat dit is te bekyk. Dis fan buite toegedraai met 'n soot fan syldoek nes di mummiis, en toen ons dit ope sny was dit 3 grote goue kokers, pragtig mooi uitgewerk, met 3 perkamentrolle daarin, met diselfde oue Hebreense letters beskrywe soos di rol wat ons by Simbahwe gekry het.

"Nou is ek foldaan!" roep ek uit.

"Ja, nou is ons rys en moeite beloon; nou het ons di grootste skat fan di oue tyde ontdek," merk Neef Gideon an.

"Watter skat?—Waar is nou di grote skatte wat di ander ou rol fan gepraat het?"—fra Henni.

"Wag mar, Henni, di sal ons oek nog wel kry. Mar fereers is dit genoeg. Nou gaan ons eers slaap en uitrust"—merk Neef Hendrik an. En daarfandaan af keer ons toen oek direk terug, so gou as ons kon, na di wa toe, te moeg en te o'erstelp fan al di gewaarwordings om meteen te kan besef wat ons alles gesiin en ontdek het di nag, en wat so'n wandeling beteken tussen dode, wat eenmaal so'n belangrike rol in di oue geskiedenis gespeul het, en wat. nou al sofeul duisende jare hiir in di onderaardse gewelwe in stilte en frede rus.

Dit was al amper dag toen ons uit di oue grafkelders uitkom, dood moeg; en tog was ons te opgewonde om somar te gaan slaap, sonder 'n bitji eers in di f-ye lug tot bedaring te kom. Daarom werd Henni syn foorstel berydwillig en eenparig angeneem: om eers koffi te maak, en 'n koppi koffi met 'n beskuitji te gebruik foor ons gaan slaap.

Intussen set ons nou ons planne agter makkaar. Hulle sal ferder al dag di grafkelders een fer een noukeurig ondersoek om te siin wat daar alles fôrberg en bewaar is; en ek sal intussen begin di oue rolle te fertaal, om te siin of ons daarin nadere anwysings find, wat kan ly tot ferdere ontdekkings foor ons hiirfandaan af weg gaan. Al aande deel hulle dan mé wat hulle di dag ontdek het, en ek lê s foor wat ek fertaal het, en dan bespreek ons dit same. En hiirmé het di leser meteen ons plan fer di ferfolg fan ons ferhaal.

Ons Sonnige Afrika.

Hoeré! fer ons skone, soete land,
Ons fraaie Afrika;
Di land hiir an di Suide Strand,
Di land fan pa en ma.
Waar di Boesmans en di Kaffers
Fanslewe het gebly,
En di Hotnots rond gedwaal het,
Gelyk di wind so fry.

Daar is ferfas gen beter land
As ons Suid-Afrika,
Ons skilderagtig Faderland,
O:s sonnige Afrika.

Hoeré ! fir so 'n mooie land,
So lieflik en so fry,
Waar je alles wat jou hart begeer
In owerfloed kan kry,
Waar wild fan alle soorte
Syn felde nog bewoon,
En ongediirte skuilplek soek,
In berge wonderskoon.

Waar is nog meer so 'n goeie land
Soos ons Suid-Afrika ?
Ons helder, frisse Faderland,
Ons sonnige Afrika ?

Hoera ! fir so 'n heerlik land
Met 'n sagte, soete lug,
Waardeur befallig, trots en snel
Di fraaiste fogels flug,
Wat met hul frolike gesing
Ons oor bekoor en streel.
Di smaaklik denntjis wat hul sing
Sal nimand ooit ferfeel
Gesegend is ons kosbaar land,
Ons frye Afrika,
Ons ryk bedeelde Faderland,
Ons sonnige Afrika.

Hoera ! fer ons gelukkige land,
Waar altydgroene bome
Pryk in 'n pragtge kleeu pedos,
Langs heldre waterstrome ;
En selfs di flaktes, berg en dal
Is daarmé ryk beplant,
Fir skadu teen di hete son,
Wat soms geweldig brand.
Bewaar, o Heer ; ons frugbre land,
Ons ryke Afrika,
Ons kosbre, keurge Faderland,
Ons sonnige Afrika.

Hoeré ! fir so 'n pragtge land,
Waar d' skoonste blomme pryk,
En fir jou frindlik tegen lag,
Waar jy mar heen mag kyk.
Hul is fan form bekoorlik mooi,
En fan di fraaiste kleur ;
Ferspry nog wyd en syd
Di allersoetste geur.
O Heer ! behoed ons diirbaar land,
Ons blye Afrika,
Ons freugdefolle Faderland,
Ons sonnige Afrika.

Hoera ! Hoera ! fir Afrika,
Di land fan d' groenste feld.
Fan klaarste wa'ers, stylste berg,
Di land so rijk an geld ;

Di land wat floei fan heuning 'n melk,
Waar d' lug is fris en soet ;
Di land fan diamante en goud,
Di land fan owerfloed.
O God ! beskerm ons diirbre land,
Ons Eden Afrika,
Ons Paradyse, ons Faderland,
Ons sonnige Afrika.

M. H. NESER.

Di Roosknoppi.

(Bekroonde Prysfraag).

FERKORTE INHOUD.—Di leser maak kennis met di persone wat di hoofrol ferful ; Mnr. Retief en syn frou, met syn 2 dogters Betti en Maria, en syn seun Dani, ferder met Betti Briuk, di niggi fan Mnr. Retief syn kinders, en haar frindin, Anni Jonbert.

Dani en Anni het 'n gesprek o'er nasionalityt, waarin di onnodig gebruik van Engelse woorde afgekeur word.—Hulle gaan na di waterfal toe, in di berg ; Anni fal fan 'n klip een break haar been wat deur Dani gespalk word. Anni herstel na 'n maand.—Anni en Dani in di blomtuin ; sy gé an hom 'n roosknoppi wat hy moet bewaar, en hulle neem afskyd fan maaar.

III. DONKERE WOLKE.

“  het jy tog gekom ? Ek was al bang dat di reen jou heeltemal sal weghou. Nou kom binne, ”—dit was di woorde waarmé Mnr. Jonbert fer Mnr. O Brown, foor syn deur begroet.

“ Wel, dit was ferniit om daarfoor bang te wees ; jy weet mos dat ek, as ek gesé het dat ek 'n ding sal doen, dit doen, al gebeur daar ook nou wat. ”

“ Ja ek weet dat jy tamelik jou woord hou, mar ek was daarom half bang toen ek siin hoe di hagel fal, want ek weet julle Engelse is mos fer hagel ruim so bang as di kaffers fer 'n maxim, of soos party mense sé, soos di duiwel fer 'n knapsak. ” Dit sé Mnr. Jonbert fer 'n grap, terwyl hy Mnr. Brown nooi om te sit.

“ Di reen het my daarom 'n bitji opgehou, en ek was al bang dat ek te laat sou kom, want ons het heelwat te doen. ”

“ Jy het wel laat, mar daarom nog ni te laat gekom ni. Mar soos jy sé, ons het heelwat te doen en dus is di beste dat ons mar dadelik na myn kantoor toe stap, dan kan ons met ons besighyd begin. ”

Ons laat di 2 nou ferder alleen, en fertel nou eers waar, wanneer en onder welke omstandighede di gesprek plaas find.

Waar ? In di dorp P—, alwaar Anni haar pa woon, en hy is di Mnr. Jonbert wat hiir bo genoem is.

Wanneer ? Twee jaar nadat ons Anni laaste gesiin het di morre in di tuin.

Onder welke omstandighede ? Wel dit is so :—Anni was met di Juli fakansi fer goed uit di skool gegaan, en na huis gekom. Mnr. Brown was 'n jonge ongetrouwde Engelsman, wat 'n algeméne handelsbesighyd drywe fer di laaste 4 jaar te P—, en soos di gerugte

loop, en ook an syn besighyd te oordeel is hy ontsagge-
lik ryk. Anni haar pa hoewel bemiddeld, begin tog te
foel dat Brown hom druk, en nou het hy 'n plan uit-
gedenk, nl. om hulle 2 besighede ineen te smelt en in
maatskappy te gaan. Di kwessi was nou egter of
Brown dit sal wil doen ! Daar hoor Mnr. Joubert iits
omtrent 'n maand foor di tyd waarin ons nou fer ons
befind, wat hom as 't ware di hef in di hande gé om
Brown te dwing fer syn plan in te gaan. Hiir het di
affère so in makaar gesit : Een dag staan Mnr. Joubert
met Mnr. Van Dyk, di prokureur, en 'n goeie
frind fan hom, o'er di sake te praat, en watter plan hy
sal maak om met Mnr. Brown tot 'n skikking te kom.
Toen sê van Dyk :—

“Wel, di saak is ni so moeilik as jy denk ni ; jy
het Brown heeltemal in jou hande en kan met hom
maak net wat jy wil.”

“Hoe so da, hoe meen jy dit ?”

“As jy my belowe om ni kwaad te worde ni, en di
saak voorlopig net tussen ons 2 te laat bly dan sal ek
jou dit sê.”

“Goed, ek beloof jon dit.”

“Nou wel, ek het uitgefinde dat Brown dood fer-
liif is op jou dogter en eenig iits sal opoffer fer haar.
Siin jy dit nou ?”

“So, so, dis gaaf. Mar nou hoe sal ek dit fer Brown
an di neus hang dat ek fer Anni fer hom sal gé, as
hy met my in maatskappy wil gaan ?”

“O, dit is so moeilik ni ; laat dit in myn hande ;
ek sal na Brown toe gaan—want ek glo mos dat julle
2 nodit by makkaar kom ni—, en dan sal ek met hom
alles regmaak. Mar eer ons iits kan doen, is daar 'n
ander ding, wat altemit fer ons nog kan moeie gé.
Jy is gewillig om jou dogter an Brown af te staan, mar
di kwessi is of sy wel sal gewillig wees om hom te
neem ?”

Toen van Dyk dit sê, lyk dit of Mnr Joubert, hom
'n bitji erg, en hy sê :—

“Hiir word ni gefraag of sy wil ni, sy moet.
Waarfoer is ek dan haar fader ? Sy sal dit moet
doen. En dan so 'n jong mysi weet ook ni wat fer
haar di beste is ni, daarom het sy 'n fader om fer haar
te sê wat sy moet doen.”

“Ja, jy praat makkelik, mar ek is ouer as jy en het
al 'n bitji meer onderfinding in di soort sake as jy ; ek
ferseker jou so 'n mysi kan fer 'n man di wêreld moei-
lik maak !”

“'n Dogter fan jou mag fer jou di wêreld moeilik
maak, maar myn Dogter sal di eer ni hê ni ; sy is
myn kind, en ek sal fer haar laat doen wat ek wil.”

“Mar onthou jy nog dat jy di anderdag fer my
gesê het dat sy hoewel sy 'n liwe sagte en gehoorsame
kind is, tog freselik hardkoppig kan wees, en as sy
eenmaal gesê het sy sal 'n ding doen, dan doen sy dit,
al gebeur daar nou ook wat. En as sy haar woord
gege het, dan hou sy dit ?”

“Mar ek kan di grond fan jou argument ni siin
ni ; want sy het mos ni haar woord gegé dat sy hom
ni wil neem ni.”

“Dis ni wat ek meen ni ; ek meen, altemit het sy
haar woord, en ook haar hart en hand an 'n ander
gegé en dan sal dit hard gaan om haar daar af te
kry.”

“Ag, dis mar alles bog om langer hiir o'er te praat ;
jy maak mar met Brown di ding reg, en ek sal dit
met Anni reg maak.”

Met di woorde het di 2 uit makaar gegaan, en Van
Dyk was by Brown. Wat hy fer Brown alles fertel
het, is ni bekend ni, mar syn sending was daarom heel-
temal goed uitgefal ; want deur syn toedoen, was
Joubert reeds di forige agtermiddag by Brown, en
toen het hulle bepaal dat hulle fan dag by makaar sou
kom, om dan reg-reg offisiel besighyd te doen.

Soos ons gesiin het sit di 2 nou in Mnr. Joubert
syn Kantoor, alwaar Van Dyk, di prokureur, ook is
om di o'reenkoms op te trek en in wettelike form te
breng.

Mar Anni, wat omtrent haar ? Wel sy sit in haar
kamer en kyk na di leeggereende donderwolke an di
Oostekant, wat deur di son uit di weste beskyn, en
also gekleur worde. Hoe pragtig siin hulle daaruit ;
diselfde wolke, wat nog foor 'n uur so donker en swart
saangedruk was, en toen 'n allerakeligste fertoning
gemaak het. Sy denk onwillekeurig hoe dit met haar
gesteld is ; sy had pragtige lukkastéle gebou, in di
toekoms, mar nou is di lukkastéle, al haar hoop, fer
di toekoms bedek onder net sulke swarte wolke ! Mar
di wolke het ni donker gebly ni ; né, di son het weer
deur gekom, en kyk hoe pragtig is selfs di wolke nou !
Kan dit ook ni so wees met di wolke wat bo haar hoof
hang ri ? Stellig ! al is di wolke nog so swart, di son
sal weer deurbreek, en as di wolke dan o'er gedrywe is
en 'n mens kyk dan fan agter op hulle, dan is selfs di
donkere wolke allerpragtigs. Mar di son het ni deurbre-
gerek, di natuurlike wolke wat nou daar so stadig
o'er di bergrand drywe, het ni mooi geworde, foordat
daar 'n storm was, en di reen by strome neergekom het
ni. Sal dit in haar gefal ook so gaan ; sal daar eers
harde woorde moet gehoor worde, wat di donders'age,
en fonkelende oge, moet gesiin worde, wat di weerlig
sal moet voorstel ? Sal haar transe ook eers op di grond
moet fal nes di reendrupsels ? Wi weet ! En as di
storm kom, sal sy kan bly staan ? Of sal sy nes di
blommetji wat hiir foor haar fenster in di bakki
gestaan het, en deur di reen en wind afgeruk, en met
di reenwater weggespoel is, weggefeeg en weggefoer
worde na di streek fanwaar gen rysiger ooit terug
gekom is ni ?

Al di gedagtes laat haar swaar sug. Fer haar self
gé sy ni so groot om ni, mar daar was nog imand
anders op di wêreld fer wi sy graag wil lewe.

Mar waarom is sy dan so bedruk ? fra een of ander
altemit. Sy is tog in haar ouershuis, en het alles wat
haar hart begeer ! Wel as di frager, di forige aand in
di voorkamer was, sal hy—of sy—, nou di vraag ni
gedoen het ni, mar daar di een nou ni in di kamer was
ni, so is dit goed om te fertel wat daar plaas gefinde
het :

Toen Anni di forige aand so met skemerdonker bij di klafir sit te speul en sing, kom haar pa en ma in di foorkamer. Haar pa sê toen dat hy bly was om te siin dat sy so opgeruimd is, want dit was syn grootste geluk, as hy siin dat sy, syn Anni, syn enigste dogter wat hy so hartelik lief het, en wat fer hom en syn frou, en haar ma, al so feul genot en plesier ferskaf het, gelukkig en opgeruimd is. As hulle—haar ouers—dit kon doen, dan hou hulle haar tot hulle dood toe in hulle huis, mar dit kan ni. Daar kom fer elke ouer en kind 'n dag dat hulle makkaar moet ferlaas, en so sal dit met hulle ook gaan. Dit was hulle ouers se plig om 'n bitji in di toekomst in te kyk, en te siin wat fer hulle dogter di beste was. Daar sal dage kom dat baing jonkmans haar hand sal dra, dit sal dan fer haar moeilik wees om 'n kens te doen, en dan loop sy nog gefaar fan 'n ferkeerde kens te doen. Hulle het dus besluit om fer haar di moeite te foorkom. Hy, haar pa, het nou 'n jonge, ryke, mooie, gesonde ryk begaafde, goed geleerde, ja byna volmaakte jonkman gekry, wat dood ferliif is op haar en fer haar alles sal opoffer. 'n Beter man kon daar nooit fer haar gefinde worde ni, en hy was seker, dat hulle 2 baing gelukkig saam sou lêwe.

Anni, wat al di tyd so stil as 'n waspop gesit het, fra, toen haar pa met syn weldeurdagte aanspraak klaar was, en sy duidelik siin dat hy wou hê dat sy moet antwoord gé, wi di danige jong man was. Haar pa noem toen Brown syn naam, en dit was net of Anni 'n kogel kry. Sy werd doodsbleek, en hoewel haar pa lang wag, gé sy tog gen ba of bo antwoord ni.

Haar ma siin gou dat Anni ferpletterd was en was bang dat sy in haar moeilikheid 'n antwoord sal gé, wat di ongenade fan haar pa fer altyd op haar sal haal en sê toen an haar, dat hulle ni op di ogenblik fan haar 'n besliste antwoord ferwag ni, dat sy daaro'er kon denk, mar dat di kens fan haar pa di beste was fer haar, ens.

Mnr. Joubert het ook dadelik gesiin dat Anni glad ni in haar skik was ni, en dag dat di beste was om haar mar skerp op te fat, sodat daar fer haar gen kans bly om draai'ery te maak ni, en dan sal hy haar ook gou o'erhaal. Hy sê dus an haar met 'n faste stem, dat soos haar ma gesê het, sy daaro'er kon denk, mar dat sy in gedagte moet hou, dat daar net een antwoord was, wat sy kon gé, en dit was om te doen soos hy wou hê; en as sy ni met gewilligheid wou in stem ni, dan sou sy mar alleen di lydende party wees. Want hy sou haar dan met geweld dit laat doen. En mênende dat dit haar 'n bitji beter sou stem, fertel hy haar toen hoe dat hulle 2, hy en Brown,—in maatskappy sal gaan; hoe dat sy altyd digteby hulle kon bly—want as hulle getroud is sal Brown in di groot huis fan Mnr. van Dyk, net naas di huis fan Mnr. Joubert, gaan woon, ens.

Anni het stil gesit en luister en sê toen heel kalm: "Pa weet dat ek fer pa en ma baing lief het en altyd doen soos julle graag wil hê, mar in di geval kan ek ni

gehoorsaam ni; ek mag ni ontron wees ni. Di man syn frou kan en sal ek nooit worde ni."

Almal siin in dat di beste was om di gesprek mar hiir af te breek. Mnr. Joubert gaan toen weg, en sê toen hy uitstap:—"As 'n fader gé ek jou nogmaals di raad, om mar gewillig en gou in te stem; want jy sal tog moet maak soos ek wil hê."

Toen hy alleen was, sê hy tot homself: "Mar dit lyk tog of van Dyk gelyk gehad het, sy het al haar hand an 'n ander gegé, want wat beteken anders di woorde: "Ek mag ni ontron wees ni!" Dog hy weet ni an wi op aarde sy haar woord gegé het ni. Of sou sy dalk, toen sy op skool was ferloof geraak hê? Mar dit sal dan ook mar wel "kalwerliifde" wees en daar weet hy raad voor. "Ja," dog hy, "ek moet di kind ook nooit in di Boland op skool gesit het ni, want sy het daar glad te selfstandig geworde."

Wat hy ook al doen of wair hy loop, di woorde: "ek mag ni ontron wees ni," bly stee ls in syn gedagte, en dit hinder hom ontsaggelik.

Toen Mnr. Joubert uit di kamer was, sê Anni haar ma an haar dat sy—Anni—haar tog mar an di wil fan haar pa moet onderwerp; want haar pa loop al 'n hêle tyd met di plan in syn kop; en sy weet selwers, dat, as haar pa eenmaal syn kop op 'n ding gesit het, gen koning hom dan fan gedagte sou laat ferander ni, sy sou, deur tenstand te bide net di ongenade fan haar pa op haar haal, en hulle huis ongelukkig maak. Al antwoord wat Anni egter gé, was net. "Ma, ek kan ni met di man trou ni."

Soos reeds bowe fermeld, het di gesprek di forige aand plaas gefinde, en nou ferstaan di leser beter waarom Anni fanaand so treurig gestemd is. As sy so o'er alles denk dan lyk dit haar partykeer of sy mar moet doen wat haar pa wil hê, want as sy hom weerstaan dan sal sy tog seker di ongenade fan haar pa op haar haal, en hoe ongelukkig sal dit wees om aldag onder di oge te wees fan 'n fertorende fader; ook was daar gen kans dat sy dan 'n ander huwelik kon doen ni; want hy sal nooit tot 'n ander huwelik syn toestemming gé ni. En trou sy dan met 'n ander teen syn sin, dan is hy nog eenmaal so woedend, en dan sal hy haar ni alleen uit di huis ferban en ontêrwe ni, mar dan sal hy haar ook nooit fergewe ni. En seg nou dat hy kom te sterwe, hoe bitter sal dit dan fer haar wees om te denk dat sy en haar pa makkaar in di euigheid weer sal ontmoet ja, mar as vyande en ni as fader en dogter ni! En wat Dani angaan, syn gedrag kon sy ni ferstaan ni, twe jare was al ferlope, en nog het sy in al di tyd niks fan hom gehoor of gesiin ni. Wel is waar, het sy uit briwe fan Betti Brink ferneem, dat Mnr. Retief baing arm en dat Dani op Johannesburg was, waar hy 'n goeie ferdiinste had, waarvan hy dan fer syn pa so nu en dan iits stuur wat hom baing tepas kom, want hy was mar baing behoefteig nou teenswoordig. Mar direk fan Dani het sy nooit iits gehoor ni. Wel, was hulle dan ook ni bepaald ferloof ni, mar daar was 'n ferstandhouding tussen hulle 2 wat feul sterker was en feul meer beteken as di gewone

alledaagse ferlowings. Ja hulle woorde, di laaste morre daar in di tuin, toen hy fer haar di roosknepi, wat sy nou nog het, en altyd sal hou so lank as sy lêwe, gegê het, staan gelik met di dūurstē en hyligste eed. En sy was ferseker dat hy haar net so lief had as sy fer hom had, en nott nog het. Mar sou syn liefde altemit afgekoel het? Of het hy haar mogelik fergeet? Of is hy nou mogelik ferloof an 'n ander? Nê, dit kan ni wees ni, hy is te opreg en getrou en dit is skan telik fan haar om sulke slegte gedagtes fan hom te hê. Nê, sy is seker as sy getrou bly, dan sal hy oek getrou bly.

Terwyl sy nog so sit te denk, word daar an haar kamer deur geklop.

"Kom in," sê sy, en daar kom haar pa in. Sy skrik enigins, want hy het di dag ni een enkel woord met haar gepraat ni, wat haar laat vrees het dat hy al reeds op haar verbitterd is. Nou lyk hy egter weer ewe frindelik, soos altoes.

"Wel, Anni, hoe is dit dan dat ek jou fanaand ni hoor speul of sing ni, en jy lyk my oek ni op jou stryk ni; ek het dit al di heeldag opgemerk. Wat makeer dan, is jy siik?" En terwyl hy dit sê gaan hy by di fenster langs haar sit.

"Nê pa, ek is glad ni, siik ni danki; mar ek foel ni lus om fanaand te speul ni."

"Mar ek foel daarom sleg om te siin dat jy so treurig is, dit het my di heeldag gehinder; jy weet myn grootste geluk is om te siin dat myn eenigste dogter, wat ek so lief het, opgeruimd, fergenoegd en plesirig is. Mar daar moett iits wees wat jou hinder. Is daar iits wat ek fer jou kan doen?"

"Nê, pa, alles wat ek wil hê, gê pa fer my, mar terwyl pa wil weet waarom ek terneergedruk is, sal ek dit sê." Sy bly 'n bitji still net of sy eers 'n bitji wil moed skep; want sy was fan plan om haar hêle hart foor hom uit te stort, mar sy kry dadelik g dagte dat dit beter was om dit ni nou te doen ni; sy sou dus ni alles fertel ni; sy sou hom net sofeul sê as bepald nodig was. Mnr. Joubert, wat siin dat sy haar moed 'n bitji ferloor het, neem haar hand in syne en sê: "Nou toe, myn kind, jy was altyd openhartig met my, fertel my nou ook wat op jou hart lê."

Nou gewoonlik is di sterke punt van 'n mysi, om, as haar hart enigins fol worde, dit uit te stort in 'n fioed fan trane, en haar hartelik uit te huil. Dit was met Anni egter di gefal ni; dit moet al baing erg kom as sy huil, hoewel sy so 'n dele, fyne frouwehart het as mar min te kry was. Nou was haar hart eiter so fol, dat daar 'n uitbarsting moet plaas finde. Sy bars dan oek in trane uit en sê: "Ek het opgemerk dat pa met my, fan ons gistraand di gesprek gehad het, nog gen enkel woord gepraat het ni; dit lyk of pa reeds nou al op my ferbitterd is, en dit is meer as wat ek kan dra."

Sy wou nog ferder praat mar haar pa, wat weet wat sulke trane by Anni beteken, en wat ook nouweliks syn yge trane kon hou, fal haar in di rede en sê: "Ag nê, myn kind, ek is hoegenaamd ni fer jou kwaad ni;

ek het jou nog net so lief soos altyd. Waarom ek fandag ni met jou gepraat het ni, was, omdat ek dit te druk had. Soos jy self weet, is Mnr Brown en ek fandag and' onderhandel om ons besighede ineen te smelt, en ek moes al myn gedagte by makkar hou, ek had ni tyd om o'er iits anders te denk ni." En om as 't ware syn woorde met dade te befestig, gê hy haar 'n soen.

"Nou ja, nou kan ek weer frolik en opgeruimd wees, nou dat ek weet dat pa ni fer my kwaad is ni." En met watter kinderlike onskuld kyk sy nou weer in syn oge. Hy denk onwillekeurig an di dage toen hy haar nog op syn skoot getel en met haar gespeul het. Diselfde kinderlike laggi, wat toen om haar mond gespeul het, was nou weer sigbaar, di heldere ligbloue oge, was nog net so edel, net so ferhêwe, opreg en eerlik as toen. Nê, hy het syn kind ferkeerd beoordeel sy was nog syn klyn Anni, wat al syn liefde wêrd was en op wi hy met rēg kan trots wees. Nê, hy het syn kind ferkeerd beoordeel: sy was ni bedêrwe op di skool ni.

"Nou, Annie, net so pyt as ek het dat ek di oorsaak fan jou droeflyd was, net so bly is ek nou dat di misferstand uit di weg geruim is. Nou het ek 'n frindelike ferseok an jou; wat ygenlik di doel was dat ek hiirheen gekom het."

"Sê mar wat dit is, pa, en as ek dit met mogelikhyd kan, dan sal ek dit doen."

"Kyk, Mnr. Brown en ek het nog feel te doen, hy sa' dus fanaand hiir by ons eet, en as ons dan klaar het gaan ons weer werk. Ek wil hê dat jy hom so frindelik as molik is moet ontfang, en as ons klaar ge'eet het, dan moet jy eers fer ons 'n stukki op di klafiir speul en sing. Ons is al baing moeg en 'n bitji musik sal fer ons somar weer 'n bitji opbeur. Wil jy my nou di plesiir doen?"

"Wat aangaan di speul en sing dit sal ek fan harte doen, en in di tweede plaas belowe ek fer pa dat ek myn bes sal doen om di man so frindelik en goed as molik is te onthaal. Mar ek fra pa fooraf, om my tog te fergêwe as ek altemit 'n fout maak; want ek weet ni hoe kom dit is ni, mar ek het 'n hymelike inwendige frees fer di man. Ek foel altyd so ferbouereerd as ek in syn teenwoordighyd is."

"Myn kind, dat jy 'n frees het fer di man ferstaan ek goed, mar dis ni noodig ni. Ek is seker, as jy hom eers ken, dan sal jy fan hom hou. Hy is 'n wonderlike mensliwende, sagte, goeie man. Hy het mar so 'n norske foorkom, mar dit kan hy ni help ni. Maak nou soos jy gesê het: doen jou bes, en dan is ek heeltemaal tefrede; want ek weet as jy belowe om jou bes te doen, dan doen jy al baing. Nou wag, ek gaan nou fer hom en fer Mnr. Van Dyk haal om te kom eet."

Anni staan toen op om fer haar 'n bitji te was, want sy weet dat dit ni feel sal kos om te siin dat sy gehuil het ni; en ook om fer haar so effentjiis an te trek fer di ête. Sy was egter ni fan di soort, wat na dinner tafel toe gaan opgetakel soos 'a modepop ni.

Mar verniet moet ek, arm land, steeds smagte
Na di doudrop wat ons laafnis geef;
Wat help alle moeite, sorge, tragte,
Sonder seggen waarfan alles leef?

Nou kom nog di siiktes en di plage.
Brandsiik, Longsiik, Haarwirm, Runderpes,
Klousiik, Bloutong, Lamsiik, alle dage
Nuwe siiktes by di oue, en di res.

Daarby kom di siiktes in di plante;
Bome, wingerd, graan en als is angetas;
Sprinkhaan, rispes, druifluis, alle kante;
Roes, insektes tot in bos en gras.

Eerdaags leg myn ruime veld en strêke
Gans fan mens en vé en plant ontbloomt;
Opgedroog rifire, bronne, beke;
Alles wat hiir leef geflug of dood.

ANTWOORD HIIROP.

Ryker is gen land op aard gesegen,
Afrika, as jy is deur Gods hand.
Is op plekke wynig dou en regen,
Kyk hoe welig groei als wat hul plant!

Waar op aard is nog di lug so helder
En gesond as in jul suider-oord?
Vrugbre wingerd ful fol wyn jul kelder.
Kyk hoe hang di vrugte an julle boord!

Ryker skatte is in gen land begrawe
Silver, diamant en elk metaal
Salomo het hiir reeds deur syn slawe
Goud en silver folop weg laat haal.

Julle diamante blink op krone
Fan di rykste forste op heel di aard;
Julle goud fersiir di dogters en di sone,
Oral is jul rykdom reeds fermaard.

Daarom, Afrikaners, hou jul land in ére,
Klaag ni, mar dank liwers God di Heer.
Wi syn ryke gawe rez waardere
Segen Hy nog altyd mild en meer.

S.

AN INTEKENAARS EN AGENTE.—Ons stuur an alle Intekenaars 'n orige nommer, om daarmé 'n nuwe Intekenaar by te wen. Denk daaraan as elke Intekenaar mar een bykry, dan is ons getal verdubbel. Agente wat ver ons 12 of meer nuwe Intekenaars stuur met di Intekeningsgeld, kry ver di jaar syn *Klyntji* verniit.

Di Moord fan Magistraat Jackson en Feldkornet Bezuidenhout.



OMTRENT 30 of 40 jaar gelede gaan Magistraat Jackson en Feldkornet Bezuidenhout eenmaal om di wyk op te nemen, ek denk dit was daar ergens naby Prieeka, (want ik was mar nog jonk toen ek di stori gehoor het). Daar langs Groot Rifiir kom hulle by 'n Kafferkraal en Bezuidenhout kry daar 'n kaffer wat an hom geld skuld. Di kaffer wou ni betaal ni en B. fang hom en maak hom fas. Di kaffer lê op di grond en B. staan o'er hom. Onferwags kom daar 'n ander kaffer uit di struis en steek fer B. met 'n asgaai agter syn skouers in, dat di punt fan di asgaai op syn maag uitkom. B. was op di plek dood en toen sit di Kaffers di honde agter Jackson.

Di gerug kom by o'erlede Feldkornet Nikolaas v. d. Merwe, Nieuwejaarsfontyn, en hy stuur dadelik 'n klompi burgers onder syn skoonseun, o'erlede "Rooi Karel" van d. Merwe—om di moordenaar te gaan fang. Net soos hulle op di kraal afkom fliig daar 'n k'omp wrede honde uit en Rooi Karel sê; "skiiit dood!" en so gou as nou was dit skoon feld. Hiirmé was di Kaptyn glad ni tefréde ni, en hy skop 'n grote lawaai op o'er syn o'erlede honde.

Rooi Karel was ni 'n man wat fer hom fan 'n kaffer laat bang maak ni, en hy sê: "Spalk hom en gé hom 75 sonder om te tel." Di burgers het mar lus gehad fer di Kaptyn se lyf, en foor di ou tot ferhaal kon kom brul hy al onder di aapstért.

B. lê nog op disefde plek waar hy fermoor was. En op di vraag: "Waar is Jackson?" was di Kaptyn glad ni genyg om antwoord te gé ni, mar toen hy weer hoor van "75 sonder om te tel," toen weet hy wat hy moes doen. Hulle loop op di spoor en find dat Jackson omtrent 400 tré deur di honde gejaag was—en hier en daar sien hulle, dat hy perbeer het om in 'n boom te klim, mar di honde het hom weer afgeruk. Naderhand kry hulle hom met 21 asgaai-steke in syn lyf.

Toen word di Kaptyn georder om 'n gat te laat maak, so dat hulle di lyk begrawe, mar hy wou ni bra daaran fat ni foor hy eers weer gehoor het fan "spalk" ni, en fer syn straf moes hy met syn siik lyf daar by staan tot dat di begrafnis o'er was.

Di moordenaar het hulle daarom ni gekry ni; want hy was lank al Groot Rifiir deur. Mar hulle het my fertel, dat hy 15 jaar daarna fer homself by di landdros fan Bloemfontyn angegé het; want, seg hy: "di magistraat ja my nou so rond, dat ek ni meer rus het ni." Di Landdros het hom op di regte plek besorre en hy het syn ferdiende straf ondergaan. Di besit wat hulle sê "gewete" byt ni maklik ni.

M. P. G.

Di Boer di ge hul almal kos.

Ver een tyd gelede sien ik in di Patriot se Muur-Almanak di Koningin afreprint en onder an staan:—"Ik regêr o'er almal," 'n advokaat, en onder hom staan:—"Ik plyt ver almal," 'n soldaat, en onder hom staan:—"Ik feg ver almal," 'n predikant, en onder hom staan:—"Ik bid ver almal," en heel onder an staan 'n boer, en onder hom staan:—"Ek gé almal kos."

'n Koning heers o'er sé en land;
'n Heer leef lekker i a syn stand;

Soldate ry en stap in prag;
Matrose syl by dag en nag;
Mar idereen di weet dit mos:
Di boer di gé hul almal kos.

'n Skrywer dink, 'n digter sing;
'n Ambasman maak menig ding;
'n Dokter skryf di drankiiis voor;
'n Advokaat praat lekker door;
Mar idereen di weet dit mos:
Di boer di gé hul almal kos.

'n Koopman handel en maak geld;
'n Onderwyser word geteld;
'n Myner graaf diip in di grond!
En seek na s'atte ront en bont;
Mar idereen di weet dit mos:
Di boer di gé hul almal kos.

'n Predikant word hoog ge'eer,
Het hy syn werk mar goed geleer;
En ook 'n drukker van 'n krant,
So nuttig ver syn volk en land;
Mar idereen di weet dit mos:
Di boer di gé hul almal kos.

'n Boer syn werk is baja waard;
Hy 's deêlgenoot van lug en aard;
Hy let o, regen, son en wind;
Hy sorg tot ver di klynste kind;
Want idereen di weet dit mos:
Di boer di gé hul almal kos.

'n Boer syn werk is baja swaar;
Hy kom jaar in jaar uit ni klaar;
Syn rus is min, syn sorg is groot;
En sonder hom gaan almal dood;
Want idereen di weet dit mos:
Di boer di gé hul almal kos.

Verag tog nooit di boerestand;
Hul is di ruggraat van 'n land.
Verdruk hom ni, mar help hom voort,
Dan handel jy na's Heeren woord;
Want idereen di weet dit mos:
Di boer di gé hul almal kos.

Mar as ons so di boere prys,
Dan moet ons uitsig hoger rys;
Di segen kom van bowe neer,
Dit kom tog alles van di Heer;
Syn vaderhand di doet dit mos,
En gé ons deur di boer di kos.

Venterstad, 17 Aug. 1896.

A. KRUGER.

Dire Storiis.

(Bekroonde Prysfraag.)



P di prysfraag fer di 3 beste Dire-Storiis het ons 12 insendinge ontfang. Di prys is toegeken an Mnr. M. H. Naser, feral om di eerste en derde stori. Ons publiseer al 3 storiis wat hy opgestuur het. Di 3 eerste storiis fan Mnr. D. J. du Plessis is oek regte goed; di fiirde was ni nodig ni en is oek minder goed; ons sal later molik een daarvan publiseer, so oek fan Mnr. J. P. v. d. Walt, en jongejuffr. G. E. Gräbe. Di beste stori fan almal is di hoe di fo'els 'n koning gekiis het, die hoop ons oek later te druk. Mar ongelukkig het di insender, Mnr. D. van Niekerk, van Abeide n, mar een stori gestuur en di Prys is fer 3. Mar had hy ons 3 sulke storiis gestuur dan het hy seker di prys gekry.

1.—JAKHALS EN KRAP MAAK RESIIS.

Neef Jakhals, wat di héle nag op di jag uit was, 'n goeie fangs gemaak het, en daardeur opgeruimd mar tamelik dorstig was, kom teen sonop by 'n fontyntji, om fir hom eers te firfris, en dan neer te trek, en te slaap en te snork na hartelus. Toen hy klaar gedrink het, ten hom net wou omdraai om weg te gaan, skré 'n krap uit di water uit: "Goei morre, broer jakhals! Jy lyk regte opgeruimd fan morre; jy 't seker goed gefaar fannag?"

"Dit kan jy my glo, myn sussi!" antwoord jakhals. "En ik het net lus om fanmorre met jou 'n entji resiiis te hardloop," foeg hy spottend daarby.

"O liwe tyd!" lag krap—"jy lyk 'n mooi een om met my saam te hartloop; jy sal ni eens in myn stof kom ni."

"Wat sé jy daar, jou dwarse lompert?" roep jakhals frontwaardig uit. "Ik sal so hartloop dat jy ni eens sal kans kry om an myn stêrt te ruik ni!"

"Nou kom ors wed!" sé krap.

"Fer wat sal jy wed?" fra jakhals.

"Ik wed fer myn knypers," antwoord krap.

"En ik fer myr stêrt," sé jakhals, met 'n spottende glimlag.

"Nou top!" krap—"spring mar weg."

En Jakhals swaai hom ok om en druk fas; mar sonder dat hy dit gemerk het, het krap, net met di omswaai, an syn stêrt fas gebyt.

Toen hy by di end fan di baan uit kom, wil hy hom weer kortom en skré: "krap! waar is jy?"

Krap het ondertussen di stêrt lat los en skré fer hom: "Hiir is ik!"

"Wat!" roep jakhals ferskrik uit, "is jy hiir? Nou, hoe di duiwel het jy hiir gekom!"

"Ik het gehardloop," antwoord krap in triomf.

"Nou loop 'n bitji 'n entji so'entoe," sé jakhals fer krap.

Krap lat hom dit ni twé maal sê ni : mar draf op syn y'enaardige maniir 'n entji weg fan jakhals af.

"Kom nou weer terug, lat ik siin," sê jakhals.

Sonder om om te draai kom hy ok weer terug na jakhals toe.

"O!" sê jakhals. "Dit dank jou ok di Duiwel! Dis om jy sommar na al kante toe loop, wat jy so gen hiir gekom het."

2. DI REGTE MENSIEDIIRTE.

'n Jakhals en 'n jonge leeu ontmoet eendag maaar en nadat hulle hiirfan en daarfien gesels het, fra di jakhals fer di leeu : of hy al ooit di mensgediirte gesiin het. Op di ontkennde antwoord fan di leeu sê di jakhals : "nou kom, dan sâl ik fer jou fandag di mensgediirte wys." En so gaan hulle saam op weg.

Hulle het ok ni fer geloop ni, of hulle ontmoet 'n Hollarder, en di leeu fra fer di jakhals : of dit nou di mensgediirte is ; mar di jakhals trek net syn skouer op en skut syn kop, en so gaan hulle ferder. Ni te fer ni of hulle kom 'n Engelsman te'e, mar ok hy was follens di mening fan di jakhals ni di regte mensgediirte ni. Yndelik siin hulle in di fêrte imand te pèrd ankom, met 'n geweer op skouer, en di jakhals sê fer di leeu : hy moet stilstaan. Al twé bly toen op 'n eerbidige afstand. Toen di ruiter rader kom, blyk dit 'n gewapende Boer te wees. "Dit is nou di regte mensgediirte" sê di jakhals fer di leeu, "en ik raai jou om altyd op 'n eerbidige afstand te bly as jy so 'n kerel ontmoet."

3.—JAK HALS, TIIR EN BABEJAAN.

Jakhals en Tiir kry mos een dag rusi o'er 'n fet bok-kapater, wat hulle geslag het, en nadat hulle maaar al god sleg gesê het, en uitgeskel het fer al wat sleg en lelik was, word Tiir met mening kwaad en hy wou Jakhals sommar bespring, om hom net met één hap di kop so mors fan di lyf af te byt, en uit te spruw nes 'n pruimpi. Mar wi sê so? Jakhals is ni 'n man wat hom sommar lat droog sit ni! En hy is baing rad daarby. En dis ok net toen Jakhals siin dat Tiir wou spring, fliig hy weg en binne in 'n klipskeur. Daar sit oom Tiir! Wat nou gemaak? Di skeur is te nou fer hom om ok in te kom, en Jakhals sit hom daar binne en útlag, terwyl hy hiir buite sit 'n brul fan kwaadhyd.

Nadat hy te fergeefs fan al di kante geperbeer het om Jakhals by te kom, was hy ferplig om dit op te gé, mar hy was so kwaad dat hy kan bars, en sê toen fer Jakhals, terwyl hy brom'brom wegstap :—

"Jou skelm! ek moet jou fandag lat staan; mar pas op as ik jou eendag in di hande kry! Dit sal jou duur te staan kom!"

Hirop gé Jakhals mar net "ka!" ten antwoord.

'n Paar da'e daarna gaan drink Jakhals een agtermiddag water by di fontyntji, wat fôor syn huisdeur ferby loop. Di son was mar warm, en nadat di ontji klaar gedrink het, sit hy nog so 'n bitji in di water te

kyk. Met eens siin hy Tiir se skadewé in di water wat, ok ankom om te drink, en syn hare di rys so : want hy siin nou di dood het hom an di groot tcon.

Mar wag 'n bitji! Jakhals is mos ni 'n kerel wat sommar fersaart raak ni : hy het al weer 'n plan. Hy sit mar doodstil in di water te kyk, en maak of hy fan Tiir niks weet ni. En ofskoon Tiir baing lus het om Jakhals sommar so éwe onfeiwags soos hy daar sit di kop af te byt,—want hy dink mos Jakhals weet niks fan hom ni, en hy lag al in syn klynpensie om hy Jakhals so lekker op di lyf geloop het, sonder di ou iits fan hom weet,—is hy tog nuusgirig om te weet wat Jakhals daar in di water siin; want hy kan daar niks siin ni. Nadat hy nog 'n ruk gestaan en gekyk het, en hy siin dat Jakhals gen fin ferroer ni, fra hy fer hom : "Wat sit jy so in di water te kyk?"

Jakhals skrik op, en maak of hy fan Tiir nog niks weet ni; mar hy antwoord éwe bedaard.

"Ik het tiirfêlle hiir in di water gesit om te bry, en nou kyk ik of hulle al haaraaf gaan."

"Wat! tiirfêlle?" roep Tiir ferskrik, "en waar het jy dit gekry?"

"A, kyk!" sê Jakhals, "hoe kan jy so fra? Dis tiirs wat ik dood gemaak het."

"Dit liig jy!" skré Tiir, "jy lyk 'n mooi bog om 'n tiir dood te maak, en daar is ok gen fel in di water ni : want ik siin daar niks."

"Nou kom nader en kom kyk," sê jakhals.

Tiir kom nader, totdat hy homself in di water siin, nes in 'n spi'el.

"Siin jy daar?" sê jakhals "daar lê hulle, en jy moet mar net oppas dat ik jou ni ok di nek omdraai ni."

Di arme Tiir, wat te dom was om te siin dat dit syn y'e portret was, dat dit toen mar raadsaam om mar knypstêrt di wêrld te deel.

Jakhals moes toen skater fan di lag, dat hy Tiir so 'n lekker poets gebak het, en dat hy so dom was dat hy homself ansiin fer tiirfêlle.

"Sakkerloot!" sê hy by homself toen hy huistoe stryk, "'n tiir is daaram mar 'n dom ding. Hy kan ok amper sing :

"Dem!—Dom!—drommels dom!

Dommer as di stomme trom!

Stom!—Stom!—wonder stom!

Trommel niks as—stom rondom!

* * *

Toen Tiir daar fan syn ontmoeting by di fontyntji weg gespring het, het hy ok ni weer om gekyk fôor hy in di berg was ni. Uit asem kom hy daar, en di eerste wat hy ontmoet is Bobejaan.

"Alle mentig!" roep Bobejaan, toen hy fer Tiir siin, "hoe is oom dan so moeg? dit lyk mos of jy fer gehard'oop het! en jy lyk my sommar faal geskrik daarby. Wat is dit dan? sê my tog gou!"

"Liwe mens!" antwoord Tiir, "het jy nû al ooit meer sowat gesiin?"

"Wat is dit?" fra Bobejaan.

"Dink bitji," sê Tiir, "ik gaan mos hiir af na di fontyntji toe, daar by jakhals se huis, om te gaan water drink en—wat sou ik siin!—daar lê mooi 'n hêle spul tiirfelle in di water, wat hy daar in gesit het om te lat haaraf gaan, en hy sê dis almal tiirs wat hy self dood gemaak het."

"Ag bog!" sê Bobejaan, "jy lig my net weer di hals hiir fol! Wi het al ooit gesiën, dat jakhals kan 'n tiir dood maak? Ik glo dit net ferfas ni!"

"Nou kom!" sê Tiir, "ik sal jou dit nou gaan wys."

"Top!" roep Bobejaan; "mar dan moet ons fer ons an makaar fas binde, anders betrou ik di frêde ni."

"Dis reg!" antwoord Tiir. En so bind hulle fer hulle an makaar fas met 'n osriim, en lat fat.

Jakhals het fôor syn deur op 'n feldstoeltji gaan sit, en so siin hy di twé fan fêr af an kom. Hy gaan toen in di huis en sê fer syn frou: "Ou skat, hiir kom Tiir en Bobejaan reguit na ons huis toe an, en dit lyk fer my, as ik moet sê, of hulle an makaar fas gebinde is; mar ik kan my folstrek ni fersin wat hulle mening kan wees ni; mar ik wil tog daarom perbeer om di twé fandag weer 'n lêlike kool te stowe. Nou moet jy mar net hoor as ik hiir buite sê: "hm, hm!" dan moet jy di kinders knyp dat hulle skré, en as ik fra: "Wat skré di kinders weer so?" dan moet jy sê: "dis fan honger!" Mar jy moet seer knyp dat hille kan hard skré!"

Hiir op fat di ou toen syn asgaai en gaan sit dit foor di deur en slyp, en so kort kort loer hy so skrams weg, waar Tiir en Bobejaan is. Toen di twé naby kom, en hulle siin dat jakhals syn asgaai sit en slyp, toen begin bobejaan al so fassteek—fassteek; mar Tiir gaan mar nog an. Toen hulle digby was, sê jakhals: "hm hm!" en dadelik begin syn frou so di kindertjiis te knyp, dat di stomme, onskuldige goed jiiis yntlik krê fan pyn.

"Wat huil di kinders weer so?" fra jakhals hiir fan buite af.

"Dis fan honger" sê syn frou.

"Myn tyd!" roep jakhals, "is hiir dan ni meer tiirfelys ni? Ik het dan gister nog 'n tiir dood gemaak."

Ondertussen was Tiir en Bobejaan al so naby, dat hulle alles kan hoor wat di twe praat.

"Né" sê syn frou, "al di tiirfelys is al gedaan."

"Alle wêreld! dan kan julle ok weer fret." Brom jakhals; "mar wag mar ik gaan netnou weer berg toe, en dan kan julle mar fer julle klaar maak om fanaand weer fars tiirfelys te eet."

Toen Tiir en Bobejaan so hoor, word hulle o'e r et groot, en hulle kom ok ni meer nader ni, mar bly knyp stêrt staan. Jakhals, wat mar syn assegaai sit slyp, en nog altyd gemaak het of hy fan hulle niks weet ni, siin dis nou syn kans. Hy kyk net so skrams na hille toe, spring op, en skre: "Alle wêreld! hiir's 'n tiir!" —En hy lat fat ok na di twe toe; mar toen kan jy siin wegspring! Tiir loop dat syn hare so gons, terwyl Bobejaan,—wat ni so hard kan loop ni, remrem agterna kom; mar kort-kort, as Tiir omkyk, dan

siin hy mar jakhals kom in, en dan loop hy weer bitji harder. Mar dis waar, jy kan net stowwe stowwe siin soos Tiir loop, terwyl Bobejaan soos 'n fel agterna waai. Jakhals se frou en kinders, wat di grap siin, di rol soos hulle lag.

Toen jakhals hulle 'n goeie end geja het, lat hy fer hulle staan; mar Tiir het ni asem geskep foor hy in di berg was ni. Eers was di ou so moeg, dat hy gen woord kan uitbring ni; mar so gou as hy weer bitji asem gekry het sê hy fer Babejaan: "Jou ellendeling! dan was dit fan jou slimmegyd wat jy wou hê dat ons moes fas wees an makaar. Nou sal ik jou wys!" en met eens hap hy Babejaan syn kop mors af, fôor di daar nog iits fan weet.

Toen di bloedferwante fan Bobejaan hoor fan di freselike wreedhyd fan Tiir, op hulle stamgenoot gegepleeg, het hulle 'n fergadering gehou, en besluit om Tiir te ferfolg en te mollesteer so fêr as hulle kan. En dat hulle an hulle woord getrou gebly het, kan 'n mens tot fandag toe nog siin: want waar 'n babejaan 'n tiir mag kry, tenteer hy hom so fêr as hy kan.

M. H. NESER.

Hoe di Roomse Kerk bestuur word.

FER di meeste fan ons lesers is di Roomse Kerk 'n onbekende ding. Ons weet wel, dat in froegere ty'e di Roomse onse faders ferfolg het, mar dit is so wat alles. Ons fergeet 'at di Kerk nog bestaan, en dat dit in ons land toeneem; daarom is dit goed, dat ons so nou en dan 'n slag kennis neem fan di Roomse dinge.

Ons Klyntji wil nou ni fan di Roomse leer praat ni, want dit hoort nou ni by hom tuis ni, mar net 'n bitji gesels o'er di manier, hoe di kerk bestuur word.

Di Roomse kerk is baing groot. Daar is meer Roomse as Protestante, en daar di Protestante ferdeel is, en 'n ider land syn y'e Synode of ander Kerkbestuur het, maak hulle ni so 'n geheel uit as di Roomse ni. Di hoof fan di Roomse kerk is soos ons weet: di Paus.

Di Paus was froe'er ni alleen di hoof fan di Roomse Kerk ni, mar ook 'n fors, wat net soos andere konings grond gehad het. So lankamerhand het in froe're ty'e di paus di grond in hande gekry, mar in onse eeu het hy dit ferloor. Ons oue mense weet goed hoe 'n feertig jaar gelede idereen fan "Garibaldi" gepraat het. Nou di "Garibaldi," met di hulp fan di Koning fan Sardini'e het di paus di grond afgeneem, en di Italiane is nou 'n fry'e ferénigde folk, wat as hulle ni so graag 'n grote leger wil hê ni, net ryk en gelukkig sou wees. Mar so gaan dit in di wêreld, 'n mens is nooit tefrede ni, en maak syn y'e ongeluk.

Toen di Koning fan Sardini'e, nou di Koning fan Itali'e, Rome ingeneem het, het di Paus homself opge-

sluit in di Vatikaan. Hy noem homself 'n prisonier. Hy is dit ni; mar hy doen dit om di Koninge fan Italië te plaag. Hy sê, di grond is hom afgeneem en ingé sal hy ni. Hy bly nou mar by lydelik ferset.

Di Vatikaan is di palys fan di Paus. Hulle sê daar is 2200 kamers in, dan is daar ook grote tuine, so dat 'n mens dit wel kan uithou om daar in te bly. Di forige Paus het di lydelike ferset begin en di Paus, wat nou regeer, hou dit fol. Nimand weet hoe, of wanneer dit sal yndig ni, want ingé doen Rome ni.

In di Vatikaan is nou di hoofkantoor fan di Roomse Kerk. Alle belangrike sake word daar reggemaak, beskikkings o'er di hêle Roomse Kerk word daar gemaak; kwessi-sake gehoor, met een woord, wat in andere kerke deur Biskoppe of Sinodes gedoen word, word daar onder opsig fan di Paus afghandel. Di Paus staan bo almal, en is an nimand ferantwoordelik ni.

Tog kan idereen makkelik ferstaan, dat hy ni alles alleen kan doen ni, dat hy hulp nodig het, en di hulp find hy by kardinale, wat saam 'n kolesi uitmaak, mar ook ider 'n y'e werk het. Di kardinale is na di Paus di hoogste amptenare in di Roomse Kerk. Di naam beteken y'enlyk "skirmiër," omdat net soos 'n deur op syn skirmiër rond draai, so draai di Kerk op di Kardinale. Di instelling fan di Kardinale is al baing oud.

Di hoofwerk fan di Kardinale is om, as di Paus dood gaan 'n ander te kiis. Hulle word dan opgesluit net soos 'n juri wat ni gelyk is ni, totdat di Paus gekiis is. Eers het di mense fan Rome dit gedoen en di kyssers van Duitsland het hulle kaarmé bemoei; mar later het di Paus daar 'n end an gemaak, en nou is di Kolesi fan Kardinale alleen baas.

Daar is nou 70 kardinale, mar hulle woon ni almal in Rome ni. As 'n land Rooms is, of baing Roomse het, dan word fer so'n land ook 'n Kardinaal angestel.

Al di werk word onder di Kardinale gedeel. Een fan di fernaamste is di staatsekretaris. Al di handelinge fan di Paus met di regerings gaan deur syn hand. Di Paus het wel ni meer 'n wêrldlike gesag ni, mar di meeste lande, ook di protestantse, stuur nog afgesante. Nog ni so lank gelede ni h t di Engelse afgesant nog di foete fan di Paus gesoen.

Dan is daar di Kardinaal fan boetedoenings. Hy het ook baing werk, want boetedoeninge is by di Roomse 'n grote saak. As 'n mens o'der sensuur geset is deur 'n priister of biskop, en hy denk dit is ni reg ni, dan kan ny klaag en sulke klagtes kom dan ook fan Oos en Wis. Fûrmaal in di jaar sit di kandinaal in een fan di grote kerke fan Rome; dan kom di mense by troppe na hom toe. Hy het 'n lange stok by hom, en dan raak hy di boetelinge an hulle voorhoof. 'n Roomse wat so angeraak is denk dan, dat hy fan syn sonde los is, en gaan bly weg.

Daar is in Rome 16 of 17 Kolesiis of komitees met 'n kardenaal an di hoof. Di fernaamste is amper di kolesi fer di uitbryding fan di geloof. Al wat deur

di Roomse kerk gedoen word om di geloof uit te bry is in Rome bekend, en fan Rome kom di fernaamste orders. Di Komité is in twé gedeel: Di een deel sorg fer di Roomse lande, di andere fer di Protestantse en hydense. Di hêle wêrld syn ferteenwoordigers is daar te finde. Foor dat 'n land Rooms genog is, is dit onder bestuur fan 'n Apostolise Fikaris; mar as daar Roomse genog is, dan kom daar 'n biskop. Suid-Afrika het nou Roomse genog om 'n biskop te hê, iits waar ons wel an mog denk.

Dan is nog in Rome di Kolesi fan di Inkwisisi. In froe'er tye was di inkwisisi 'n frêselikke saak en het di andersdenkende erg ferfolg, nou is di mag fan di inkwisisi gebreek, en hulle perbeer mar om hulle y'e kerk in orde te hou: fernaamelik deur party boeke te ferbide.

Dan is daar nog 'n komité fer appèl, wat uitspraak doen in kwessi-sake, mar di end fan Appèl is by di Paus.

Fan uit Rome word dan alles bestuur en di hêle Roomse kerk is nes 'n leger onder één generaal. I'at dit fer Rome baing sterk maak, behoef ek ni an te toon ni, ider kan dit ferstaan.—Eu dit is seker, as di Herforming ni di werk fan God was ni, dan sou Rome seker al weer gewen het; mar hoe slim en sterk menselike werk oek is, teen Gods werk kan dit ni staan ni.

J. L. C.

Pratjiis o'er di Natuur.

D A G E N N A G.



ONS herinner di lesers an wat ons froe'ergesê het, dat di noukeurige berekeninge fan sonsopgang en sonsondergang, fan di loop fan di sterre, fan di ferskyning fan komète, fan soneklips en maaneklips, almal berus op di stelling dat di aarde draai in di lugruum om di son en om haar yge as. Ons wil nou ferler daaro'er praat.

Dit gaan ni om te redeneer soos soumige mense wat sê: "As di aarde draai, waarom staan di huise dan ni pertykeer omgeker, sodat ons in di war raak met foor of agterdeur en ni meer weet ni waar ons 'n friind moet ontvang?" As ons wil weet of di aarde draai moet ons ni kyk na di bome, huise en berge ni, want hul is saam met ons op diselfde aarde. Ons moet let op dinge wat buiten di aarde is: nl. di Son, Maan en Sterre.

Elke morre sê ons: "di Son kom op, elke aarl: "di Son gaan onder." So ook fan di Maan. Mar di Sterre gaan ok op en onder. Gaan mar gerus 'n paar aande agtermekaar na buite toe in di heldere Maanlig en beakou di stand fan di Sterre, dan sal jy siin dat di Sterre in di coste hoger en hoger rys bo di horison. (Di horison is di lyn wat

foor ons oog di skydingslyn uitmaak tussen di aarde en di lugruim). Let verder op na di Sterre in di Weste. Daar ferdwyn hul di een na di ander agter di berg of di rand. Waar gaan di Son, Maan en Sterre heen as hul ferdwyn agter di rand? Waar kom hul fandaan as hul weer hul ferskyning maak an di horison in di Ooste? "Hul draai om di aarde," sê perty mense.

Wag, lat ons siin of di ander firklaring ni di beste is ni. As 'n mens op 'n kar of feerwa of spoorwa sit, wat finnik ry, en dan uitkyk na di bome en huise, dan lyk dit of hul by ons firby flieg. Mar ons weet, dat hul stilstaan en ons beweeg. Mar as ons kyk na di floor fan di rytuig, of na dinge wat in di rytuig is, dan lyk dit of hul stil lê, en dan sou ons ni dink dat di rytuig beweeg ni, as ons dit ni weet ni.

Dit is net omdat di dinge met ons saam beweeg in één rytuig. En as 'n ding an ons linkerhand lê in di rytuig, dan blyf hy altyd op ons linkerhand, hoe di rytuig ok draai.

Nou, waarom kan dit ni di gefal wees ni met di aarde? Waarom kan ons ni di aarde beskou as 'n onyndig grote rytuig ni, waarmê ons deur di Heelal swêwe? Dit word nog duideliker as ons gaan beskou hoe dag en nag firroorsaak worre.

Om dit nou goed te firstaan neem 'n lemoen, of 'n ander ronde ding, en steek 'n lange brynaald deur di middel daarfan. As dit aand is set dan 'n heldere lamp op di tafel. Hou nou di lemoen in di lig fan di lamp, so dat di naald altyd na bowe wys. Dan sal jy siin dat di een helfte fan di lemoen in di lig is en di ander helfte in di donker. Steek nou 'n speld op di lemoen, net op di lyn waar lig en skadewesky. Draai nou di lemoen in di ronte om di naald, fan jou linker na jou regterhand, so dat di naald altyd na bowe blyf wys; dan siin jy dat di speld fir een helfte in di donker is en fir di ander helfte in di lig.

Neem nou di lamp fir di Son, di lemoen fir di aarde en di speld fir 'n berg of 'n huis op di aarde, dan firstaan jy dadelik hoe di dag en di nag makkaar afwissel. As di speld op di lemoen nou 'n mens was, dan son hij ok sê "di son kom op" net soos hy di lamp in di oog kry met di draaie fan di lemoen.

Nou firstaan ons dat solang as onse kant fan di aarde na di Son gëkeer is, dan het ons *dag*; mar as ons kant fan di Son af wegdraai, kryg ons *nag*. Nou sal ons oek begryp waarom di Son op één plek froeger opkom as op di ander plek. Daar di aarde fan di weste na di ooste draai lyk dit of di Son in di Ooste opkom, en daarom is dit dat as ons al 'n hele rukki son het te Burgersdorp, di Son in Kaapstad eers opkom.

Neem weer di lemoen en steek 'n stuk of 5 spelde in 'n lyn agtermekaar rondom di lyf fan di lemoen, en draai hom dan in di lig soos te fore. Dan siin jy dat een speld in di lig kom foor di ander, ofskoon almal ewelang di lig geniit en elk op syn beurt ewelang in di donker moet dwaal.

Neem nou in plaas fan 'n lemoen 'n grote ronde bal, en steek daar ok 'n as deur, soos deur di lemoen.

Noem di bo'end fan di as noordpool en di onderend Suidpool, Steek nou 360 spelde ewe fêr fan mekaar in 'n lyn, net suiwer halfpad tussen di Noord en Suid-pool rondom di bal.

Sê nou dat jou aardbol so stadig draai om haar as, dat dit 'n sp ld 24 uur neem om eenmaal om te draai, fan dat di speld in di lig kom geheel om, totdat hij weer in di lig kom. As ons dan tel, dan sal ons siin dat in een uur tyd, 15 spelde in di lig kom, met andere woorde, dat in één uur tijd di ligstreep gaan o'er di afstand van 15 spelde.

Ferbeel jou so 'n baan om di aarde, afgebaken soos di spelde, en noem di afstand tussen elke twé bakens 'n graad, dan kryg ons 360 grade fan spasi om di aarde; en dan sal ons firstaan, dat as di son blyf. te Burgersdorp opkom, hy eers een uur daarna opkom op 'n dorp wat 15 grade ten weste fan Burgersdorp lê. As jy nou weer in di dorp kom, sorg dan dat jy 'n *globe* of aardbol in di hande kry. Dan sal jy daarop lyne siin, wat almal mekaar kruis deur di Pole, en ewe wyd fan mekaar loop om di bol. Ok siin jy andere lyne dwars o'er di forige, wat ok om di bol loop ewe wyd om di bol. Di wat halfpad tussen di Pole loop om di bol noem ons *Ekwater*.

Al di lyne word genoem *meridiane*. Di lyne wys di grade an. As ons di afstand fan plekke bereken, fan di Ekwater na Noord of Suid Pool, dan praat ons fan so of sofeul grade Noorderbreedte of Suiderbreedte; en as ons di afstand fan plekke bereken fan Ooste na Weste, of omgekeer, dan praat ons fan soveul grade ooster of westerbreedte. Gewoonlik word di ooster- of westerbreedte bereken fan di meridiaan, wat loop deur Greenwich, naby Londen, in Engeland, waar di Engelse sterrewag is.

S. P.

Di Waterlemoen.

Di watermeloen—so koel en so groen,

Di word nou al ryp in ons oord.

Jan glyp al syn mes; vergeet glad syn les!
Alweer is hy daar in di boord.

"Soet watermeloen"—sê di Klyne Viljoen,
"Austande week is ik weer los,
Dan kom ik weer hier, mar net ver plesier,
Gen nood is daar dan om te dros.

"Lief watermeloen—so fraai jou fatsoen,
Wag, laat ik net effenties klop.
Jou antwoord kom gou:—"n't ryp is ik nou!"
En nooit het jy imand gefop."

"Mar watermeloen, wat sal ons nou doen?
Di meester begin mij te soek—
Daar agter di huis, reg o'er di kombuis,
Ken ik net 'n lekker klyn hoek."

"Kom watermeloen—laat bly mar myn skoen,
Want regte gou moet ons non wees.
Hier agter di stoep—ag, laat hom mar roep—
Di ou di skre hom glad hees!"

"Ag, watermeloen—so sag as 'n soen.
Jy smelt sommer weg in myn mond.
So wit en so rooi—jy 's amper te mooi—
Myn tyd! kyk di pitte spring rond!"

"Foei, watermeloen—net soo's 'n kalkoen,
Word nou di ou meester so rooi!
Ik moet nou mar gaan, hij sal tog ni slaan—
Mar 'vanaant sonder, etc, na kooi!"

Ja, watermeloen—di Klyne Viljoen,
Di lyk my is heelemaal reg;
Lê jy ryp op di land, gen duit ver d' "*Randt*"
'k Wil oek van myn besigheid weg.

W. H. M.

Hoe wonderlik ons gemaak is.

I.—DI BLOEDSOMLOOP.

WI van ons weet ni, dat di bloed in ons are rondgedrywe worde, en dat ons hart di drywer daarvan is ni? Mar as ons an imand fra hoe dit gedoen word, dan sê hy misskiin: Di hart krimp en rek, en op di manier stoot dit di bloed uit en trek dit weer in.

Dis ni ferkeerd ni, mar as ons noukeurig di omloop fan ons bloed na aan, en siin fan watter diins dit fir ons is, is dit ni freemd ni dat Dawid sê: "Ons is op 'n freeslike manier heel wonderlik gemaak."

As 'n mens werk of loop word hy warm. Di oorsaak daarfan is, dat in di spire, wat hy gebruik, (of dit non al is fan syn fingers, arms of bene) klyne deeltjiis fan syn flees opgebruik, of opgebrand worde; want di klyne flees-deeltjiis ferander nes 'n stuk hout in di funr. Daarom kan imand wat hard werk nooit so fet worde as een wat niks maak ni; want hy gebruik of ferbrand di deeltjiis wat anders tot fet of flees kan o'ergegaan hê. Ons weet ook dat hoe harder imand werk, hoe finniger klop syn hart. Hiiran kan ons siin, dat daar 'n ferband is tussen di klop fan di hart, en di opgebruik of ferbranding fan di klyne deeltjiis. Hiirin is ook juis di werk fan di hart, om met di rondstoot fan di bloed in di liggaamsdêle (1) weer nuwe deeltjiis in di plekke in te breng, waar di ander opgebruik is, en (2) om di opgebrande deeltjiis weer weg te neem.

Di hart is 'n sterke sak fan flees en senings, met 'n beskort reg af in di middel, wat dit ferdeel in twê kamers, wat met makkaar niks te maak het ni, en dan nog is elke kamer weer in twê dêle ferdeel, met 'n klep of deur tussen in. Di werking fan di hart is nes an 'n perspomp. Eers rek di bo'enate deel fan idere

kamer oop, en suig dan di bloed wat digteby is, nit di are uit; dan krimp dit weer in en pers di bloed in di onderste deel. Dan krimp di onderste deel fan di hart weer in makkaar, en di klep tussen di twê slaan toe met 'n hoorbare geluid, en pers di bloed met grote krag deur di slagare. Di samenstel van di slag-are is nes 'n mens syn lugpyp, met ringetjiis, nes hoepels, naas makkaar en daarom is dit wonderlik sterk. Di ringetjiis is rebbaar by kinders en jonge mense, mar word al harder hoe fonder dat 'n mens worde. Daarom gebeur dit somtyds by one mense, wat baing bloed het, dat di are bars as daar ni meer rek in is ni, en dit feroorsaak beroerte of bloed storting.

Di slag-are wat nit di hart kom ferdele hom nes 'n boom syn takke, en di aartjiis of haar-aartjiis is yndelik so feel dat hulle op idere plekki fan 'n mens syn flees te kry is. Wanneer di bloed nou in di uiterste haar-aartjiis is, dan moet dit weer terug kom, en nou kom dit ni weer deur di slag are ni, mar deur di blone are wat 'n mens so feel op jou arms en andere liggaams dêle siin. By slag-are alleen kan 'n mens imand syn pòls feel.

Di meeste van di blone are is foorsien fan klyn sakkiis, wat na di kant fan di hart opestaan, so dat bloed wat fan di hart wil weg gaan, ni by di sakkiis kan ferby kom ni, mar bloed na di hart toe, word deur di sakkiis ni gehinder ni. Dit kan 'n mens duidelik siin as jy met jou finger druk op 'n aar fan jou arm, en di bloed stadig stoot na di kant fan di hand, dan kom daar so hiir en daar 'n knoppi, waar di bloed ni bra kan ferby ni, mar as 'n mens met jou finger di bloed na di kant fan di hart druk, dan siin jy niks.

So floei een aar weer in di ander, tot dat hul algar by makkaar kom, en di bloed in een stroom weer in di hart stort.

Net nou het ek gesê, dat 'n mens syn hart twê kamers het, een regter en een linker kamer. As di bloed deur al di lede van 'n mens syn liggaam gegaan het, dan is dit onsuiver en fol fan al di opgebruikte deeltjiis, wat dit uit di lede nitspoel, en kom dan terug na di regter kamer. Hiiruit word dit na di longe geforseer, waar di bloed, deur 'n baing fyne felletji, o'eral in anraking kom met di lug, wat 'n mens inasem, en op 'n wonderlike manier gé di bloed al di onsuiverhyd an di lug uit, en neem in di plek daarfan uit di lug weer di suiwere suurstof, wat nodig is om di ledemate te kan gebruik. Daarom kan daar ni baing mense in een kamer slaap ni, of di lug word onsuiver, en kan daarom di bloed ni suiver ni, dan staan 'n mens di ander dag slaperig en onferfris op.

Foor di bloed by di longe kom is dit swartagtig rooi fan al di onsuiverhyd, mar so gou as dit deur di longe gegaan, is dan is dit heeltemaal van kleur ferander en is ligrooi. Fan di longe gaan di gesuiverde bloed weer terug na di linker kamer van di hart, fan waar dit weer deur di hêle liggaam geforseer word. Di linker kamer van di hart is daarom baing sterker as di regter, wat mar net nodig het om di bloed na di longe te forseer.

Nou kom di vraag: Hoe kry di bloed syn voedsel? Di kos wat 'n mens eet, word eers deur di tande fermaal, en dan deur suurstofte wat in di maag is so opgelos (of fersmelt), dat al di voedsame dele deur di filis fan di maag of ingewande kan deur syfer. O'eral langs di maag en ingewande gaan klyne witte aartjiis of melk-aartjiis, wat al di deurgesyfe d: voedsel opfang, wat dan wit fan kleur is en *Chyl* genoem word. Al di fyne aartjiis kom dan by makkaar en loop uit in di grote aar, wat weer al di onswiere bloed na di regter kamer van di hart bring. Hiirfandaan gaan hul dan saam deur di longe en word gekleur soos hul in anraking kom met di lug en dan gaan dit weer na di hart om fandaar na al di lede gestoot te worde. Soos 'n mens kan denk is di Chyl-aar fol 'n tydji na 'n mens ge'et h.t, mar word dan al leger tot dat 'n mens weer eet.

Op di manier gaan omtrent al di water wat 'n mens inkry eers deur jou bloed, en fandaar neem di nire di wat teveel is dan weer weg, mar baing fan di water blaas 'n mens ook met jou asem uit, wat elke kind fan weet, as hy op 'n koue dag, teen syn moeder haar sin, teen 'n ruit blaas. En dan nog raak 'n mens baing water kwyd deur di sweetgatjiis fan syn vel, al kan 'n mens dit ni merk ni.

Laat ons nou bedenk, dat o'er byna elke deel fan ons liggaam het di Heer ons krag gegé om te roer of bewege, net soos ons wil, mar o'er ons hart het ons niks te sê ni. Al sal ons fir hom sê: "Slaan finninger." of: "ni so gou ni," mar hy sal na ons ni luisster ni. Hy luister net maar na di gebod van di Heer. Daaran kan ons siin, dat ons o'er ons lêwe niks te sê het ni. En as di Heer dan so di bestiiir fan ons hart in syn hand het, en dit op so 'n wonderbare wyse regel, wi kan dan beter ons hêle lêwe regel as di Heer?

O'er ons Taal en Taalkunde.

DI DANKBARE LETTER I.

DANKI, ons liwe *Klyntji*, baing danki, dat jy tog in di wêreld gekom het om onreg weg te neem en reg te herstel. So het jy al an myn sussi f'haar wettige plek teruggegé, wat di stoute v fer haar so onregfêrdig al di tyd ontnem het. En so gé jy nou myn plek oek terug wat my wettig toekom, en wat di letter e al di tyd fer my ontnem het.

Ek siin jy het baing agting en eerbiid fer di oue mense, en dis reg oek, ek eer jou des te meer daarom. Mar ek siin daarom waar di oue mense ferkeerd gehad het, daar maak jy dit reg. En dis goed so oek; dis di regte eerbiid fer di foorgeslag: om hulle na te folg in wat goed was en te ferbeter wat ferkeerd was.

Kyk, di oue mense het met ons letters daarom ni oral mooi reg gewerk ni. Want kyk, by lange klanke,

in plaas fan di letter wat di klanke uitspruk te ferdubbel, het hulle daar oral 'n e by gaan foeg, wat daar glad ni hy pas ni, omdat daar gen e klank by hoort ni. So het hulle geskrywe: *daer*, *sien*, *fuer*, net mar di e klank het hulle ferlang met di e self, soos neem en di o klank met 'n o omdat dit anders glal 'n ferkeerde uitspraak sou afgé, soos *soon* sou anders *soen* worde.

Mar ne sowel as hulle nou di dubbele ee en di dubbele oo kon skrywe fer di lange klanke, waarom kon hulle oek ni net so goed aa, ii en uu fer di lange klanke skrywe ni? Wat het di e daarby te doen? Dit het hulle toen later ingesiin, en di onreg herstel wat di a en di u angaan, en teen geskrywe: *daar* en *muur*. Mar waarom dan an my arme i oek ni reg gedoen ni; waarom moet ek dan nog mar altyd onreg ly? Wat maak di e daar langes my in *dien*, *sien*, *mier*, ens.? Di e klank word daar mos ni uitgespreek ni. Waarom kan ek dan oek ni, net soos al myn sussiis met my self same loop ni, en laat dit geskrywe worde soos dit is: *diin*, *siin*, *mier*, ens.?

Hulle fertel fer my daarfoor was in froe'er dage 'n gegrunde rede: di i en di j was oorspronkelyk een letter, en as daar dan twe i's langes makkaar geskrywe worde, dan word di tweede een met 'n draai ondertoe af geskrywe nes 'n j; daarom was 'n dubbele i so geskrywe ij, en dit het hulle geskrywe fer 'n y. Daarom kon hulle fer di lange i klank ni 'n dubbele i gebruik ni, want dan sou dit 'n ferwarring gé met di y, befoorbeld *siin* sou toen diselfde gewees hê as *syn*.

Mar di gefaar bestaan nou al tank ni meer ni; want i en j is mos nou al tank 2 aparte letters, en nou is ii glad 'n andere klank as ij. Mar soos dit met di mensdom gaan, i een praat en skrywe mar agter di ander an, sonder te denk of dit wel reg is so of ni. En so moes ek mar nog altyd di onreg ly, en myn plek afstaan an di e langes my, wat daar ni hoort ni, gen stuk diins doen ni, fer my net tot 'n o'erlas is en di taal moeiliker maak fer een wat dit moet leer.

Mar danki, ons liwe *Klyntji*, jy het di onreg herstel. Ek het nou myn reg gekry nes al myn ander sussiis. En kyk, hoe reelmatig is dit nou. In 'n geslote lettergreep word al di lange klanke nou eenders geskrywe deur di klinkers self te ferdubbel: *jaar*, *peer*, *diir*, *foor*, *fuur*. Dis nou net orlstryk, padlans.

Reg so, *Ons Klyntji*, maak reg wat krom is. Dan kry ons jou uog liwer. Mar di liifste het fer jou

JOU DANKBAAR LETTER I.

Hoe myn Oupa en Ouma Gebry het.

MYNHEER,—Ek het ni gedog dat *Ons Klyntji* in Transvaal in so feul huise ontfang sal worde ni as ek nou siin ni, want di mense fan "het Land der Dyken," wil mos hiir di baas speul, met hulle taal ok. Ons wat fêr af woon, weet

tot fandag toe nog ni wat di Klynding is ni, wat genoom worde *Ons Klyntji*. Hy is nog sonder klere; is dit 'n seuntji of 'n dogtertji? Wi is di fader? Want banja wil nou fer fader staan. Di spreekwoord "eers kindji siin, en dan fader staan," lyk my word nou waarhyd, deur di banja faders wat daar staan.

As di Klynding 'n seuntji is, dan is dit tyd, dat hy klere moet an hê; hy is aloor di 4 maande oud, en kry seker koud, party sê di fader moet hom 'n jurki antrek; ek sê as dit 'n seuntji is, dan moet syn fader fer hom 'n syler soot (sailor'suit) antrek. Dit sit tog alte mooi fêr 'n klyn seunt*i*. Di Klynding is feul belowend; hy luister mooi, kyk, hoe sit hy so bedaard! Mar sal hy soet bly?

Hoe is dit met neef Rocco? Weet hy dan ni, dat so 'n Klynding banja lekker lag, al huil hy ook, sodra 'n mens met syn finger op syn onderlippe tik en fir hom muis maak, en 'n lidji sing?

Ek wil fir di Klynding 'n stori fertel, luister nou, babi, 'n fanslewe se ding, namelik hoe myn oupa en ouma gevry het. Dit is myn stiif-oupa.

Myn ouma was wedefrou en het by myn o'erlede Pa gebly. Di ou mense het fanslewe banja rond getrek met hulle fé; so gebeur dit, dat myn o'erlede Pa ok met syn fé, trek. Een agtermiddag span hy sommer in di feld uit, en net soos hy uitgespan het, kom daar 'n ou oom an. Hy was wewenaar. En soos di gewoonte is, groet diou oom myn o'erlede pa, net soos hulle by makkaar kom, en sê: "Dag, Neef."—Myn o'erlede pa sê: "Dag, oom."—Daarop fra di ou oom: "Wi is Neef?"—Myn o'erlede pa sê:—"Ek is Hendrik S—; wi is oom?"—"Ek is Gert O—, en di ou niggi?"—Myn o'erlede pa sê: "dis myn moeder, oom."—"Is sy wedefrou?" fra di ou oom.—"Ja oom"—sê myn o'erlede pa.

"Neef Hendrik," sê di ou oom, "span jou wa in, en kom spin by myn huis uit; ekisal jou krale en alles gé fir jou fé, dan kan ons 'n biki gesels."—"Goed ou oom," sê myn o'erlede pa.

Myn o'erlede pa span toen in, en ry af huistoe. Di ou oom help by di huis uitspan.

Toen dit klaar was sê di ou oom: "Neef Hendrik, roep jou frou, jou moeder, en jou kinders fan di wa af, en laat ons huis toe gaan." Myn o'erlede pa doen dit, en toen hulle in di huis was sê di ou oom: "Neef Hendrik, hoe is jou moeder haar naam?"—"Anki, Oom," sê myn o'erlede pa. Di ou oom kom toen foor o'er met sya kiri in syn twe hande tot foor myn ouma, en sê toen "Nig Anki, hoe lyk dit, sal ons twé ni maats maak ni?"

"Ek weet ni, ou Neef, ek sal jou morre froeg sê," sê myn ouma, en gaan toen in di wa slaap.

"Goed, niggi," sê di ou oom. Di anderdag morre, heeltemal froeg—half twé—kom di ou oom by di wa staan, so langs di wa, en klop met syn kiri so op di ayl fan di wa, en roep toen:

"Nig Anki, Nig Anki!"

"Ou Neef!" sê myn ouma.

"Wat sê jy nou?" fra di ou oom.

"Ek het myn gedagte laat gaan; ek denk ons kan mar so maak; ons kan mar trou" sê myn ouma. 'Dis goed, niggi, staan dan mar op, ek sal solang di, koessente skrywe.—*Adam!*—Windfool!—"skré di ou oom na di twé hotnots.—"Ou baas!"—"Loop haal gou di pèrre uit di feld; lat jy di brief gou weg breng dorp toe; maak gou."

Eer di son op was, sit Windfool en Willem, di seun fan di ou oom, in Wilmoed en Kornel sê kambéne, en—"n paar daé daarna was di ou oom myn *stief Oupa*.

P. S

"'n Boer in 'n Bali."

DI ander dag was hiir op ons dorpi in di onderfeld mos ook 'n grap. Op di dorp bly 'n dokter, wat banja liif is fer di ding wat hulle sê "kromhout sê sop." Mar nou het ons mos ni 'n kantiin ni, en di ou moet ahang fan di mildadighyd van 'n klompi Brandewyn Boere. En hy kry ook, want hy kan mos lekker praat, daarby bevestig hy dit altyd, dat hy di *goed* moet hê fer "medecyne," en hy foeg almeléwe daarby: "Ik moet juistement fan jone hê, want dit is di beste in di distrik."

Nou ja, nimand twyfel daaran ni of di dokter is 'n goeie juts, en as hy so praat, dan druk di boer syn bors uit, want hy foel mos, dis waar wat di dokter sê. "Ja, dokter, jy kan 'n bottel kry, maar jy weet ik mag ni ferkoop ni."—"O, that is *niks*, just send for me when you are sick." "Goed dokter"—en daar gaan di ou.

Só was hy ook al 'n paar maal by 'n boer, wat ni fêr fan di dorp af woon ni, en hy kom altyd tuis met 'n "iitai" in syn fles. Mar onse frind, di boer, ontdek naderhand, dat di dokter mar alleen siik word, en al di "medecyne" self uitdrink.

Só gebeur dit een dag, dat onse maat in syn kelder staan en werk, en daar siin hy di dokter weer aankom. Hy sê fer di kaffer wat by hom was: "Loop gou gou uit en haak di slot foor di deur; dan sê jy fer di dokter, ik is na di meule toe, en as hy weg is, dan stuur jy fer Aploon—('n klyne jong)—om di deur te kom oopmaak.

So gesê, so gedaau. Aploon, di domoor, kom sommer reguit kelder toe, en di dokter loop hom foor en fra: "Boy, where is the "boss?"—Dood ferskrik sê aplon:" Seur! myn baas is in di kelder!" Onse maat, (wat ons nou mar Mnr. A. sal noem), di hoor hulle aankom, en hy spring een twe dri agter een fan di grote ballis in, en daar staan hy so stil as 'n muis.

Hulle loop rond in di kelder en soek en roep; mar Mnr. A. is ni te kry ni. "Where is di boss?"—fra di dokter weer. Aploon word nou in di nood en sê: "Myn baas is seker in di stal, seur!" En hulle na di stal toe.

Mnr A. was intussen daarom glad ni gerus ni, en hy maak fan di geleenhyd gebruik om in 'n l'é'e bali in te klim. En ja, werklik, pas was hy in, of hiir kom hulle weer. "Where is de boss now, you lying niggei?"—fra di ou, want hy begin al kwaad te worde.—En hoe warmder hy word, des te banger word Aploon; en hy sê: "Seur, ik denk myn baas is in een fan di baliis." Mnr. A. sit en beef fan benoudhyd, dat hulle nou werklik een fer een bali sal inspekteer.

Di dokter loop ook fan bali tot bali, en fra gedurig: "Mnr. A. in which bali are you now?" Mnr. A. dog hy kry di béwerasi, mar hy sit dood stil.

Eindlik siin di dokter dit tog in, dat syn lus fer tiirmelk di dag ni daar sou geles word ni, en teleurgesteld gaan hy weer dorp toe.—Mnr. A. het nog 'n ruk in di bali gelê, en naderhand klim hy saggiis uit, want hy was mar nog skrikkrig, en by 'n klyne deurj in di agterkant fan di kelder uit, en hy druk fas na di popliir-bos toe. Hoe lang hy daar gebly het weet ons ni. Mar ons weet almal fan di grap, en elkeen wat Mnr. A. sien skré fer hom: "In watter bali is jy nou?"

M. P. G.

Raaisels.

ANTWOORDE OP RAAISELS VAN "ONS KLYNTJI" NO. III IV EN V.

- 14 1 G o G Ezech. 38 : 2.
 2 A h i O 2 Sam. 6 : 3.
 3 B a a L 1 Kon. 18 : 27.
 4 B u r G 2 Sam. 5 : 7.
 5 A o c O Richt. 1 : 31.
 6 T h i s b i e T 1 Kon. 17 : 1.
 7 H a g g i t H 2 Sam. 3 : 4.
 8 A k e l d a m A Hand. 1 : 19.

Di twee woorde is : *Gabbatha* en *Golytha*.

- 15 Redder.
 16 B voor Tier maak Bier.
 17 Saartje, Klaartje, Taartje, Schaartje, Haartje, Jaartje.
 18 Philadelphia.
 19 Dagblad.
 20 Rebus : Sp-in-Azie=Spinazie.
 21 Komkommer.
 22 D-onder officier-ging naar Zijn overste.
 23 Vuururen.
 24 Maria Moria.

Ik laat hier volg di name van di oplossers :

- P. J. Hoogenhout, 5 reg.
 F. P. Iloogenhout, 5 reg.

- N. Snyman, Heid-berg, Z. A. R., 10 reg.
 P. J. du Toit, Patriot Kantoor, 3 reg.
 D. F. du Toit, Gedenkskool, 3 reg.
 C. P. Naser, Vaalbank, Bethulie, 4 reg.
 A. M. E. Koen, J. H. Koen, C. J. A. Koen, D. C. Koen, S. M. C. Koen, P. V. Koen, Springbokpan Strydenburg, alleen Bybel Raaisel reg.
 P. F. Liebenberg, A. C. Liebenberg, Springbokpan, Bybel Raaisel reg.
 C. Nordje, Bybel Raaisel reg.
 Maryna E. Venter, P. d., Kaffersleegte, Bybel Raaisel reg.
 P. W. A. van der Merwe, Jollystone, Barkly Oost, Bybel Raaisel reg.
 Jacoba Combrink, Rooipan, Bybel Raaisel reg.
 G. G. de Villiers, Kerkplein, Paarl, 4 reg.
 L. J. Zwieggers, Anna C. Zwieggers, Nieuwedam, Bybel Raaisel reg.
 F. J. Naser, Olievenkloof, Bethulie, 4 reg.
 Maria van de Berg, Pretorius Dam, Bybel Raaisel reg.
 B. van de Berg, Pretorius Dam, Bybel Raaisel reg.
 F. B. Adendorf, Loskop, Bybel Raaisel reg.
 Susanna, Gertruida, Louw, Rietfontein, Bethal, Z. A. R. Bybel Raaisel reg.
 Petrus C. J. Maritz, P. zn, Bybel Raaisel reg.
 P. J. Rossouw, Karreebosch, Carnarvon, 3 reg.
 D. C. Swart, Belfast, L. A. R. Bybel Raaisel reg.
 Catharina Loots, 4 reg, Daggafontein, Britstown.
 D. P. W. Rossonw, Karreebosch, Carnarvon, 4 reg.
 H. J. Adendorf, Loskop, Harrismith, Bybel Raaisel reg.
 D. J. Visagie Maria M. Badenhorst, Catharina M. Badenhorst, Zaaiplaats, Hope Town, Bybelraaisel reg.
 Hendrika Moller, Paardenberg East, Bybelraaisel reg.
 J. L. Fourie, Opperblinkwater, Stockenstroom, 2 reg.
 P. J. Fourie, Opperblinkwater, Stockenstroom, 2 reg.
 Jansen van Noordwyk, Rietfontein, Bethal, Bybelraaisel reg.
 M. L. Ackerman, Dal Josaphat, 3 reg.
 M. M. Duvnhage, Zamenkomst, Middelburg, Bybelraaisel reg.
 B. J. Wepener, Daggafontein Britstown, 4 reg.
 Mej. Jacoba. J. Hugo, Hoekplaats, Victoria West, 3 reg.
 D. F. du Toit Malherbe, Gymnasium, Paarl, reg No. 21. 22, 24.


Op raaisels No 21 tot 24 het ik mar net van N. Snyman en D. F. du Toit Malherbe, antwoorde ontvang. Dat kom omdat di raaisels een maand te laat verskyn het, en di oplossers toen gen tyd had ni.

T. T.

W. J. SNYMAN.

SKAAKPROBLEEM NO. III.

DEUR H. KEIDANSKI, BERLIJN.



Stand der stukke : Wit ses stukke. K. g 5.—D. c 7.—
S. g 4.—T. c 4.—p. f 4.—p. b 2.

Swart vier stukke. K. d 5.—S. e 7.—S. e 2.—B. d 3.

Wit begin en geef in twee sette mat.

W. J. SNIJMAN.

Venterstad.

Ik laat hier volg 'n gedig van Meneer C. Hennings, in wi ons eerste skaakprobleem soos dit skyn di dig-vuur ontsteek het. Ik geloof dat er vele is, wat met hem bly is, dat *Ons klyntji*, hulle nou ook met di edele skaakspel vermaak geef.

AN DS. W. J. SNIJMAN, TE VENTERSTAD.

Meneer !—*Ons Klyntji* word nou reg amusant, Van dat nou di Skaakspel oek een plaas is gegee. Is self di politike Vergaderings hier gou an di kant ; En ons het gister probeer om di oplossing te kry Van di stuk van Berlijn in nommer 5 deel I. Di ding is ni so maklik as ons wel denk, 'N Professor en ik het op ons bes gepröbeer—Mar di stuk reg kry—is glat geen geskenk. Toen het ik nog later *gesit* en studeer, En "ter elfder uur" het my toen Di oplossing verskyn : Swart mag doen al wat na syn sin ; Het ons di Dame op e 7 geset Sal het met wen, hoe swart het ook belet, Ver hom is geen kans, los kom is min !

Groete,—C. H.

Voor *Ons Klyntji* fan Carl uit Duitsland.

SKAAKSPEL.

PROBLEEM NO. I. *Sleutel* : D. NAAR e 7.

Di tweede set, waardeur wit nou wat geef, gekiet naar dat swart geantwoord het.

REGTE ANTWOORDE ONTVANG VAN :

D. J. du Plessis, Middelburg, K. K.
P. C. Pretorius, Venterstad.
C. Hennings, Burgersdorp,
George H. Hollander Mr. D., Winburg, O. V. S.
Gideon J. Malherbe G. J.z.
Gertruida M. Malherbe. G d., Pastorielaan, Paarl.

Aanmerkings.—Myn heer Bohlmann, als gy Dame naar a.1 skuif, dan voorkom swart mat deur te antwoorden *K X T f 5*.

Ds. P. S. 'n goede probleem het mar net een slentel eerste set—en kan ni op twe of dri manire opgelos worde ni. Al dri di slentels wat gy send is dan ook verkeerd, so als gy nu sal kan sien.

N. B.—In het vervolg sal daar altijd dri weke tijd wees van dat 'n mens *Ons Klyntji* kry, om die Probleme op te los

Daar sommige liefhebbers van skaakspel, ni di Hollandse benaming van di stukke ken ni, en my om inligting gevra het, denk ik dit di beste dat ons mar di name en verkortings daarvan op di volgende wys aanneem. n.l.

Koning = K

Dame = D (di Koningin.)

Biskop = B

Springer = S (di përd.)

Toren = T (di Kastel.)

Pion = P

W. J. SNIJMAN.

TUIGEN.

HET geëerd publiek gelieve kennis te nemen, dat ik nog zooals voorheen bereid ben

TUIGEN VAN EENIG SOORT LEDER,

netjes, goed, en tegen billijke prijzen uit te voeren. Eene proefneming zal de waarheid hiervan bevestigen.

M. D. GOBREGTS,
NOORDER PAARL.

MOOI GOED.

NIEUWE BEZENDING PAS ONTPAKT.

AAN de Paarl'sche Drukkerij is nu verkrijgbaar een Prachtige Voorraad allerlei Mooie en Nuttige Goederen, zooals:—

ALBUMS,

Allerlei Grootten en Prijzen, naar den Smaak en de Zak van iedereen.

INKT STAANDERS,

Allermooist; Billijk in Prijs.

BRIEVEN SCHAALTJES,

Zeer Nuttig; dan behoeven uwe Vrienden geene Boete te betalen op uwe Brieven.

SCHAAK- EN DAMBORDEN,

Goed voor de Lange Winteravonden.

HET PAARDEN WEDREN-SPEL,

Een Amusante Affaire.

VERFDOOSJES.

BEURSJES,

Sterk, Mooi en Goedkoop.

TEEKENBOEKEN.

GEBOORTEDAG BOEKEN.

SCHRIJFPAPIER EN ENVELOPES,
Sommige in Fraaie Ruikende Doosjes.

PRENTJES

Om in Boeken te plakken.

POTLOOD DOOSJES, ENZ.,

Voor Schoolkinderen.

LETTERINKT.

TEKSTKAARTEN,

Allerfraaist; Groot en Klein; allerlei Soorten en Patronen; zoodat men haast niet weet wat uit te kiezen.

Sommigen zijn in ALLERLIEFSTE "IVORINE" LIJSTJES.

Het is de moeite waard deze Collectie te zien.

En de PRIJZEN? Ach, SPOT-KOOP!!

NIEUWE TESTAMENTEN

Van af 2d. 't stuk.

BIJBELS van af 1s.

HOLLANDSCHE BOEKEN,

Godsdienstige Boeken;

Storie Boeken;

Geschiedenissen;

Preekboeken;

Net wat men wil hebben!!!


D. F. du Toit & Co.,

BEPERKT,

DRUKKERS EN UITGEVERS,

PAARL.

"Ons Klyntji."



ENIGSTE

AFRIKAANSE TYDSKRIF

VER

oud en jong.



4/- PER JAAR.



"Ons Klyntji"

BEVAT

Afrikaans Verhale,
Gedigte,

Diïrstoriis,

Raaisels ver Kinders,

Mooie Prente.



4/- PER JAAR.

"ONS KLYNTJI"

BEVAT

"Di Koningin van Skeba": 'n Historise Roman, wat nou al belangrik is, mar waarin later sal verhaal word hoe di Koningin van Skeba in Sambia geregeer, by Salomo gaan kuier het, ens., ens.

"Ja ob Plattji": Sketse uit di lewe van di Boesmans en Hotnots, deur 'n landmeter.

"Praatjiis o'er di Natuur", waarin vertel word van Son, Maan, Sterre, ens.

"Sketse uit ons Volkskarakter", — "Diïrstoriis", — Gedigte, — Afrikaanse Storiis, ens., ens.

ADVERTENSIIS word billik geplaas.



PRIS:

3/- per Duim, Enk. Kol., 1ste maal.	1/6 per Duim, Enk. Kol., 3de maal.
2/- do, do, 2de do.	<u>Staannde Advertensiis</u> 15/- per Duim per Jaar.

D. F. DU TOIT & CO., BEPERKT,
DRUKKERS EN UITGEWERS.